


SEKONDÊRE SKOLE SE HANTERING VAN LEERDERS WAT DWELMS MISBRUIK

MICHELLE N. ADENDORFF

**TESIS INGELEWER TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD VAN
MAGISTER IN (OPVOEDKUNDIGE BELEIDSTUDIES) AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH**



STUDIELEIER: PROF ASLAM FATAAR

MAART 2016

VERKLARING

Deur hierdie tesis in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik aangedui) en dat ek nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Maart 2016.

Opsomming

Onderwys in Suid Afrika was in die vorige bedeling aan die politiek gekoppel en die onderdrukking van apartheid was duidelik in skole sigbaar. Na apartheid is meer magte vanaf die regering na die skole afgewentel sodat skoolhoofde, beheerliggame en skoolbestuurspanne deur hul optrede die na- apartheidswette en –beleide oor skoolbestuur by skole kon invoer. Met beleide as riglyne waarvolgens hulle moes optree, was die hoop dat hulle die wette doeltreffend sou toe pas en gewenste uitkoms sou bereik. Een so 'n wet wat deur etlike beleide gerugsteun word, is die Suid Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, wat uitgevaardig is om alle leerders, opvoeders, ouers en die groot gemeenskap se regte te beskerm. Die Skolewet en gepaardgaande regulasies het onder meer bepaalde riglyne neergelê oor die hantering van dwelmmisbruik onder leerders. Die beleidsriglyne oor dwelmmisbruik ondersteun onthouding van dwelms en die strewe na 'n gesonde leefwyse.

Die skool speel 'n baie belangrike rol om eerstens dwelmmisbruik onder leerders te voorkom en tweedens, toepaslike ingrypings van stapel te stuur waar dwelmmisbruik reeds plaasvind. As die professionele dienste buite die skool boonop ten nouste saamwerk met die interne strukture van binne die skool, en hulle onderskeie funksies goed gekoördineer word, kan leerders wat in dwelmmisbruik vasgevang is, gehelp word.

Tog hang alles van die vertolking en implementering van beleidsriglyne af. Uit gesprekke met skole, skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame blyk dat die beleid oor dwelmmisbruik in skole uiteenlopend vertolk en inkonsekwent geïmplementeer word, dikwels ten koste van die dwelmafhanglike leerder se skoolopvoeding en verdere leergeleentheid. Daarom hipoteseer hierdie navorsing eerstens dat onderwysers en ander skoolrolspelers nie voldoende toegerus is om dwelmafhanglike leerders korrek te hanteer nie en tweedens, dat die beleid oor dwelmmisbruik in skole dikwels inkonsekwent toegepas word weens 'n gaping tussen die Departement se beleidsvoornemens en die praktiese realiteit waarin die beleid geïmplementeer moet word. Uit die ondersoek om hierdie twee hipoteses te toets, word ook uiteindelik vasgestel of die groter magsafwenteling na skole waarvoor wetgewing en beleide voorsiening maak, onder meer ook groter mag om die dwelmprobleem in skole hok te slaan, in die praktyk realiseer en die gewenste uitwerking het.

Sleutelwoorde: dwelmmisbruik, beleidsgaping, beleidsimplementering, skolewet, regulasies, skoolhoofde, beheerliggame, skoolbestuurspanne, beleid, interpretoring, hantering

Abstract

In the previous dispensation, education in South Africa was linked to politics and the oppression of apartheid was clearly visible in schools. Following apartheid, more powers were devolved from government to schools so that principals, governing bodies and school management teams could introduce the post-apartheid laws and policies on school management into schools through their actions. With policies to guide them, it was hoped that they would apply the laws effectively and achieve the desired outcome. One such act supported by many policy regulations, is the South African Schools Act 84 of 1996, which was promulgated to protect the rights of all learners, teachers, parent's and the community at large. Amongst other things, the Schools Act and associated regulations laid down certain guidelines for the handling of drug abuse amongst learners. The policy guidelines on drug abuse support abstinence from drugs and the pursuit of a healthy lifestyle.

The school plays a very important part in firstly preventing drug abuse amongst learners and secondly, implementing appropriate interventions where drug abuse already occurs. In addition, if the professional services outside the school collaborate closely with the internal structures of the school, and their respective functions are well coordinated, learners who have fallen into trap of drug abuse can be rescued.

However, everything depends on how these policy guidelines are interpreted and implemented. From interactions with schools, school management teams and school governing bodies, it would appear that the policy on drug abuse in schools is interpreted in various ways and inconsistently implemented, often at the expense of the drug-dependent learner's school education and further learning opportunities. Therefore, this research firstly hypothesises that educators and other school stakeholders are inadequately equipped to correctly deal with drug-dependent learners and secondly, that the policy on drug abuse in schools is often inconsistently applied due to a gap between the Department's policy intentions and the practical reality within which the policy needs to be applied. From the inquiry to test these two hypotheses, it will also be established whether the increased devolution of powers to schools provided for in laws and policies, including increased power to combat the drug problem in schools, is being realised in practice and has the desired effect.

Keywords: drug abuse, policy gap, policy implementation, Schools Act, regulations, principals, governing bodies, school management teams, policy, interpreting, handling.

ERKENNING

Hierdie tesis dra ek op aan my ontslape moeder: Irish J. Adendorff (1953-2007)

My opregte dank en waardering gaan aan:

- ❖ Die Almatige Vader wie my deur hierdie reis gedra het.
- ❖ Prof. Aslam Fataar (studie leier) vir sy leiding en motivering.
- ❖ Dr. Henry Fillies (tutor) dankie vir die leiding en bemoediging.
- ❖ My twee kinders, Roger en Mishké vir hul vertroude, liefde en positiewe invloed op my lewe. Dankie vir die ruimte wat julle my gebied het om die studie te voltooi.
- ❖ Mnr. Cupido Baron (Ceres Sekondêre skool) wat vir die taalkundige versorging verantwoordelik was.
- ❖ Mnr. Gregory West vir die vertaling en positiewe insae, asook Barry Van Neel vir die tegnologiese aspek en uitleg van die studie.
- ❖ Mnr R. S. Balie en K. Paulse, asook alle opvoeders (Ceres Sekondêre) wat goedwilliglik 'n positiewe bydrae gelewer het om die inligting te versamel en hul positiewe gesindhied om my studie te vergemaklik.

INHOUDSOPGAWE

TITEL	i
VERKLARING	ii
ABSTRAK	iii
Sleutelwoorde	v
Abstract	iv
Keywords	vi
Erkenning	vii
Inhoudsopgawe	viii
Hoofstuk 1: inleiding		
1.1	Inleiding	1
1.2	Beweegruimte vir studie	1
1.3	Navorsingsvrae	6
1.3.1	Hoofvrae	6
1.3.2	Subvrae	6
1.4	Doel met die navorsing	6
1.5	Afbakening van die studie	7
1.6	Uitleg van die studie	8
1.7	Samevatting	8
Hoofstuk 2: Literatuurstudie en teoretiese raamwerk		
2.1	Inleiding	9
2.2	Dwelmmisbruik onder skoolleerders-omvang en faktore	9
2.2.1	Omvang van Dwelmmisbruik en algemene faktore	9
2.2.2	Dwelmmisbruik en Adolessensie	12
2.2.3	Dwelmmisbruik, gemeenskapsnorme en opvoeding	13

2.2.4	Dwelmmisbruik en die skool	14
2.3	Wets-en beleidsbepalings oor dwelmmisbruik in Sui-Afrikaanse skole	15
2.3.1	Inleiding	15
2.3.2	Die ontwikkeling van onderwysbeleid in Suid Afrikaanse verband	17
2.3.3	Artikel 29 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.....	18
2.3.4	Artikel 29: Reg tot Onderwys	19
2.3.5	Stelselmatige hantering van leerder-dwelmmisbruik in Suid-Afrikaanse skole.....	21
2.4	Voorwaartse en terugwaartse kartering (forward and backward mapping	22
2.5	Samevatting	24

Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en metodologie

3.1	Inleiding	25
3.2	Die kwantitatiewe en kwalitatiewe metodoliese paradigma, en die plasing van hierdie navorsings binne die laasgenoemde	25
3.3	Die vertolkende teoretiese raamwerk ter ondersteuning van die studie	28
3.4	Die gevallestudie as gekose navorsingsontwerp	29
3.5	Metode en instrumente vir data-insameling	30
3.5.1	Die navorser se rol in verhouding tot die deelnemers	31
3.5.2	Keuse van deelnemers	32
3.5.3	Onderhoudskedule, onderhoude en aanvullende dokumente	32
3.6	Data-ontleding	34
3.7	Objektiwiteit, geldigheid (etiek) en betroubaarheid van die navorsing	35

Hoofstuk 4: Data-aanbieding

4.1	Inleiding	37
-----	-----------------	----

4.2	Konteks van die twee gekose skole	38
4.3	Tema 1 en 2: Wat is die aard en omvang van dwelmmisbruik by die gekose skole?	39
4.4	Tema 3: Hoe die skool die Onderwysdepartement se beleidsriglyne oor dwelmmisbruik onder leerders ervaar, en of daar enige beleidsgaping bestaan.....	41
4.5	Tema 4: Die implementering van die beleid oor dwelmmisbruik in skole	44
4.6	Tema 5: Hoe die skoolbeheerliggaam en skoolbestuurspan die dwelmprobleem in skole hanteer	46
4.7	Tema 6: Die effek van die skool se hantering van dwelmmisbruik, veral wat betref leerders se skoolleer en verdere leergeleenthede	50
4.8	Opsomming	53
Hoofstuk 5 : Data-ontleding		
5.1	Inleiding	54
5.2	Die aard en omvang van dwelmmisbruik by die skole in die konteks van hul omgewing	55
5.3	Hoe leerders se dwelmmisbruik die funksionering van die skole raak	57
5.4	Skoolbeheerliggame en skoolbestuurspanne se houding jeens én vertolking en implementering van die beleid oor dwelmmisbruik in skole	58
5.5	Samevatting	60
Hoofstuk 6: Gevolgtrekking en Samevatting		62
Bibliografie		65
Addendum:		69
Onderhoudsvrae		69

Afkortings en akronieme

SMT: Skoolbestuurspanne

SBL : Skoolbeheerliggame

NEPA: National Education Policy Act

WKOD: Wes Kaap Onderwysdepartement

TIK: Metamfetamien

SACENDA: South African Community Epidemiology Network on Drug Abuse

OBO: Onderwysbestuur en Ondersteuningsdienste

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Inleiding

Hierdie studie konsentreer op hoe skole leerders wat dwelms misbruik, hanteer. Hierdie eerste hoofstuk bied 'n algemene oriëntering met betrekking tot die studie, met 'n uiteensetting van die beweegrede vir die studie, die navorsingsvrae, studiedoel, afbakening van die studie, en die hoofstuk indeling

1.2 Beweegrede vir/ agtergrond van die studie

Christie (1991:11) het gesê " If we look at South Africa it's obvious that things aren't equal and education is one of the ways in which inequalities are perpetuated ". In die vorige bedeling was onderwys in Suid-Afrika aan die politiek gekoppel, en vandag maak dit steeds deel uit van die politieke proses in die land. Onderwys en politiek verskil, dog is die twee aspekte onderling verwant. Aangesien die onderdrukking gedurende apartheid ook op onderwysgebied sigbaar was, was onderwys en politiek onlosmaaklik verbind en het die een 'n invloed op die ander.

Soos wat Christie (1991) ook aangedui het, was daar reeds onderwysongelykheid voor die aanvang van apartheid, en het apartheid hierdie ongelykheid tussen die verskillende rasse, maar veral ook tussen sosiale klasse, verder verstewig en verdiep. In 'n kapitalistiese samelewing soos Suid-Afrika is die basiese verdeling vandag nie meer soseer slegs ras nie, maar sosiale klas. Onderwys is een van die maniere waardeur hierdie sosiale ongelykhede verstewig word. Tog is een van die belangrikste funksies van skole om mense as lede van die gemeenskap en die groot samelewing toe te rus. Hoe behoort die skool dus hierdie funksie te vervul? Volgens Mestry en Khumalo (2012) hoort die skool vry te wees van " any disruptive behaviour, which mostly relates to behaviour or action by learners that may negatively affect their education" is. Die skool moet daarom die kind te sosialiseer of anders gestel, opvoed om 'n positiewe rol in die samelewing te speel.

Met die afskaffing van apartheid was dit die nuwe regering se taak om nuwe beleide oor die onderwys te ontwikkel. Die nuwe onderwysbeleide moes kwessies van billikheid en gelykheid hanteer, veral die van ongelykhede in ras en sosiale klas in skole. Volgens Christie (2008:25) is 'n verskeidenheid beleide aanvaar om gelykheid in skole te ontwikkel, moniteer en te beoordeel.

Gevolglik is nasionale, provinsiale, streeks- en skoolbeleide hersien. Hierdie nuwe wette en beleide moes deur die optrede van skoolhoofde, beheerliggame en skoolbestuurspanne deel gemaak word van skoolbestuur. (Christie,2008), en skole moes dus in hulle besluite hierdie wette, regulasies of prosedures in ag neem. In hierdie proses dien beleide as riglyne waarvolgens hoofde en skoolbestuurspanne moet optree om die wet doeltreffend toe te pas en die gewenste uitkoms te bereik.

In Suid-Afrika word beleide egter gebruik om in die bepaalde behoeftes van die oomblik te voorsien en word dit dus gedurig hersien en vervang. 'n Voorbeeld hiervan is die beleide wat gepaardgaan met die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, wat uitgevaardig is, onder andere, om demokratiese transformasie van die agtergeblewe gemeenskappe van die land te bevorder. Die Skolewet maak voorsiening vir “ 'n eenvormige stelsel vir die organisasie, bestuur en finansiering van skole”, die “wysiging en herroeping van sekere wette wat op skole betrekking het” en “ aangeleenthede wat daarmee in verband staan” (Suid Afrikaanse Skolewet 84 van 1996). Dit het ook ten doel om die regte van alle leerders, opvoeders, ouers en die groot skoolgemeenskap te bevorder en te beskerm.

Die wet is voorts afgestem op groter magsafwenteling vanaf die staat na plaaslike gemeenskappe (in die geval skoolgemeenskappe) in skoolbeheer en skoolbestuur. Een van die regulasies oor veiligheid in openbare skole wat ingevolge die Skolewet (2B-69)uitgereik is, is dat alle openbare skole dwelmvry verklaar moet word. Dit stel dit duidelik dat geen leerder of onderwyser 'n openbare skool onder die invloed van dwelms of alkohol mag betree of in besit van onwettige dwelms mag wees nie.

Volgens die departement se sogenaamde Moderniseringsprogram (2010:7)” kom 98% van alle dwelmverslaafdes wat in Suid-Afrika hulp soek, van die Wes -Kaaip. Bendebedrywighede speel veral hier 'n kernrol, met bendes wat op skole begin konsentreer en leerders as dwelmhandelaars inspan.

As gevolg hiervan is die skool van die allergrootste belang om dwelmvoorkoming en ingryping onder leerlinge te verseker. Onderwysers moet toegerus wees met die nodige kennis oor hoe om 'n dwelmprobleem te identifiseer en te hanteer. Hiervoor word professionele bronne binne en buite die skole benodig. Die korrekte verwysingsprosedures in gevalle van dwelmmisbruik

moet byvoorbeeld reeds deel uitmaak van onderwysstudente se leerplanne op kollege of universiteit. Die doeltreffende hantering van dwelmmisbruik in skole sal ook professionele bronne binne en buite skole vereis. De Miranda (1987:62) verduidelik dat “as die professionele dienste buite die skool nou saamwerk met dié daarbinne en as hul onderskeie funksies goed gekoördineer word”, kan leerders, wat in die dwelmstrik vasgevang is, gehelp word sonder om hulle leer die belangrikste funksie van skool te onderbreek. Te veel bestaande intervensies maak nie voorsiening vir die dwelmafhanklike leerder se opvoedkundige behoeftes nie, wat as ‘n baie ernstige tekortkoming beskou word. Daarbenewens behoort die skool, en veral die onderwyser, as ‘n besorgde bron van steun betrokke te bly.

Wat gebeur egter tans wanneer ‘n dwelmafhanklike leerder geïdentifiseer word? Watter maatreëls word getref om professionele hulp vir die dwelmverslaafde leerder te bekom? Watter ondersteuningsnetwerk is daar vir die leerder? “ En hoe moet die onderwysers ‘n besorgde bron van steun vir die dwelmafhanklike leerders wees as hulle nie weet hoe om ondersteuning te bied nie? ”

Hierdie studie konsentreer spesifiek op skole se hantering van leerders in sekondêre skole, omdat dit is waar die grootste toename in dwelmmisbruik voorkom. Leerders in die Wes-Kaap bevind hulle in ‘n omgewing waar dwelms maklik bekombaar is en in baie gevalle deur hulle vriende gebruik word. Dit gaan gepaard met faktore soos, huislike omstandighede, omstandighede in die gemeenskap sowel as groepsdruk, wat leerders meer vatbaar vir dwelmmisbruik maak. Artikel 1 in die Skolewet omskryf ‘n onwettige dwelmmiddel as “enige onwettige stof wat ‘n sielkundige of fisiologiese uitwerking het, of enige stof wat sodanige uitwerking het wat onwettig besit word”. Volgens die Nasionale Riglyne vir die Beheer en Voorkoming van Dwelmmisbruik en –misbruik in alle Publieke skole is die Departement van Basiese Onderwys daarop ingestel om dwelmafhanklike leerders te ondersteun en van hulp te voorsien deur te verseker dat hulle professionele ondersteuning en behandeling kry om hulle afhanklikheid te bowe te kom. Die riglyne ondersteun die beleid van dwelmonthouding die strewe na ‘n gesonde leefwyse, en het as hoofdoel om om die toename in leerders se gebruik van een eksperimentering met dwelms teen te werk. Soos Ball (2006:17) egter aandui, “[t]he problem seems to be in the teacher or in the school, but never in policies”. Alles hang dus van die vertolking en implementering van beleide af.

In Suid-Afrikaanse skole staan skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame aan die stuur van skoolbestuur en –beheer, en besluit die strukture hoe dinge gedoen moet word ingevolge die Nasionale Opvoedingsraamwerk vir Basiese Onderwys. Tog gebeur dit dikwels dat ‘n skuiwergat of ander manier gevind word om ‘n beleid te omseil.

‘n Leerder uit ‘n arm gemeenskap sal byvoorbeeld weens die gebruik van afhanklikheidsvormende middele geskors word, maar hulp sal beskikbaar gestel word aan ‘n leerder uit die middelklas. Die Skolewet lui egter soos volg: “A governing body may only suspend and may not expel a learner from a public school. Suspension may be employed only as a correctional measure not exceeding one week or pending a decision by the Head of Department to expel the learner, if found guilty of serious misconduct after a fair hearing” (Skolewet: Wet 48 van 1999,2A-11).

Hoe meer “gesofistikeerd” die gebruiker in sy middelgebruik , hoe meer gesofistikeerd tree sommige skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame dus oëskynlik teenoor die gebruiker en sy ouers op. Sekere skole oorhandig byvoorbeeld ‘n vertreksertifikaat of oorplasingsvorm aan ouers om hulle kind by ‘n ander skool in te skryf, aangesien die kind nie by die normes en waardes (etos) van die huidige skool inskakel nie. Die ongeletterde of onkundige ouer snap nie noodwendig dat dit gewoon ‘n ander manier is om die leerder te skors nie. Die afleiding is dus duidelik: Wie jou ouer is en waar jy bly, speel ‘n rol in hoe skole hulle beleide ten opsigte van jou toepas. Hierdie optrede druis in, wat bepaal dat die skool geen stappe teen ‘n leerder mag doen ten opsigte van die besit van onwettige dwelms of positiewe toetsing vir ‘n onwettige middel nie. Die skool mag dus geen kriminele sake teenoor so ‘n leerder aanhanging maak nie. Ball (2006:34) het dus gelyk gehad “Powerless individuals are juxtaposed against a self-serving, unresponsive bureaucracy”.

Uit bogenoemde blyk dat beleidsvoornemens en beleidsimplementering ver verwyder is van mekaar. Die beleide is veronderstel om demokrasie en gelykheid te bevorder, in werklikheid lei dit egter tot die versterking van verskille in sosiale klas in skole. Veral in die praktyk hou beleidsimplementering nie tred met sosio- ekonomiese verskillenies. ‘n Tipe beleids gaping is dus hier ter sprake, wat Ball (2006:17) beskryf as ‘n “policy-practice gap with an implicit or explicit assumption that the gap represents an implementation failure on the part of the schools or

teachers". Die beleidsgaping is die ruimte van onduidelikheid tussen beleidsformulering en beleidsimplementering.

Deur die hantering van dwelmafhanklike leerders in sekondêre skole te bestudeer, sal hierdie navorsing derhalwe ook die beleidsgaping van nader bekyk. Die diverse praktyke wat skole toepas, is die gevolg van 'n gebrekkige vertolking van die Skolewet en gepaardgaande beleide en regulasies, en die gaping van onduidelikheid en dubbelsinnigheid wat tussen beleidsformulering en beleidsimplementering bestaan. Hierdie gaping kan uiteindelik lei tot die ondermyning van beleid. Fataar (2010:52) verwys na hierdie verskynsel as "beleid as teks". Die teks gee betekenis aan hoe die beleid verstaan en geïmplementeer moet word. Onderwysbeleide word opgestel om aan die globale ekonomiese en arbeids uitdagings en eise te voldoen en word dus in lyn gebring met eksterne doelstellings buite, die onderwys. Onderwysbeleide in Suid-Afrika word opgestel om juis hierdie rol te vervul, maar dit blyk 'n rol te wees wat skole sukkel om in die praktyk te verwesenlik. In die konteks van hierdie studie blyk die gaping tussen beleidsvoornemens en beleidsimplementering 'n wesenlike invloed te hê op hoe skole in die praktyk dwelmafhanklike leerders hanteer.

Bostaande kwessie sal aan die hand van die volgende hoof- en subnavorsingsvrae ondersoek word.

1.3 Navorsingsvrae

1.3.1 Hoofvraag:

Hoe hanteer skole leerders wat dwelms misbruik ?

1.3.2 Subvrae:

- Wat is die aard en omvang van dwelmmisbruik onder leerders in die gekose skole?
- Hoe beïnvloed leerders se dwelmmisbruik die funksionering van hierdie skole?
- Wat is die onderwysdepartement se beleid met betrekking tot leerders wat dwelms misbruik?
- Hoe implementeer skole hierdie beleid?
- Hoe hanteer die skoolbeheerliggaam en skoolbestuurspan die probleem van dwelmmisbruik?

1.4 Doel met die navorsing

Die hoofdoel van die studie is om ondersoek in te stel na die hantering en bestuur van dwelmmisbruik onder leerders in sekondêre skole.

Om hierdie doel te bereik, sal die volgende onder meer van nader bekyk word:

- Die nasionale beleid oor dwelmmisbruik, en die implementering daarvan.
- Magsafwenteling met betrekking tot die hantering van die probleem, met spesifieke verwysing na skoolhoofde, skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame.
- Die uiteenlopende hantering van dwelmafhanglike leerders as gevolg van die gaping tussen beleidsvoornemens en beleidsimplementering.
- Opvoeders en skoolhoofde se ervaring van dwelmmisbruik in hulle skole.
- Ondersteuningsnetwerke van die skool en Onderwysdepartement vir leerders wat die dwelmstrik vasgevang is.
- die uitwerking van die hantering van die probleem op die betrokke leerders se skoolloopbaan en leergeleentede.

Hieruit sal afgelei word of die groter magsafwenteling na skole waarvoor wette en beleide voorsiening maak, in die praktyk realiseer en die gewenste uitwerking het, met bepaalde verwysing na hoe skole dwelmafhanglike leerders hanteer.

Die studie volg 'n kwalitatief –vertolkende navorsingsbenadering, synde die aangewese metode om algemene vraagstukke oor menslike ervaring en realiteite deur volgehoue kontak met persone of ervarings sodoende beter te verstaan (Broussard 2006:239). Ook Fay (1975) reken die belangrikste in die ontleding van 'n persoon se optrede in sy/haar omringende situasie is om die redes vir die optrede te ondersoek en te probeer verstaan. Data vir hierdie studie is ingesamel deur middel van kwalitatief-vertolkende, semi-gestruktureerde onderhoude met 'n voorbereide onderhoudskedule, wat ook diegene met wie die onderhoud gevoer word die geleentheid bied om hulle eie menings te lug. Die kwalitatiewe navorsingsontwerp is bepaald vir hierdie studie gekies weens die navorser se belangstelling in hoe mense (in hierdie geval, skole aan die eenkant en leerders aan die ander) hulle begrip van hulle leefwêreld (in hierdie geval,

die skool en dwelmgebruik) konstrueer, hoe hulle sin gee aan hulle wêreld en aan wat hulle in die wêreld ervaar (Creswell 1998:15)

Bostaande navorsingsontwerp sal gebruik word om hoofsaaklik twee aannames te toets, naamlik dat opvoeders, skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame nie voldoende opgelei is om dwelmmisbruikers op skool te hanteer nie en dat skole die beleid oor dwelmmisbruik onder leerders weens 'n beleidsgaping nie altyd konsekwent toepas nie en uiteenlopend implementeer.

1.5 Afbakening van die studie

In hierdie tipe navorsing gebruik die navorser sy oordeel om 'n steekproef te kies wat op die konseptuele fokus van die beoogde navorsing gegrond is (Singleton, McAllister, 1998). Die navorsingssubjekte moet dus persone wees wat op die spesifieke navorsingsterrein werk. Derhalwe is twee skole, die betrokke skoolhoofde, beheerliggame en leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig gemaak het, bestudeer om eerstens vas te stel in watter mate opvoeders, skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame opgelei is in die hantering van dwelmmisbruikers op skool en tweedens of die gekose skole beleid oor dwelmmisbruik onder leerders konsekwent toepas.

1.6 Uitleg van die studie

Die studie word in ses hoofstukke aangebied. Hierdie inleidende hoofstuk sit die agtergrond en beweegrede, navorsingsvrae sowel as die doel van die studie uiteen. Hoofstuk 2 beskryf die relevante literatuurstudie as teoretiese gronding vir my navorsingsvraag, naamlik: Hoe hanteer skole leerders wat dwelms misbruik, hanteer. Hoofstuk 3 bied 'n uiteensetting van die navorsingsmetodologie, navorsingsontwerp en data- insamelingsmetodes, sowel as die etiese aspekte wat oorweeg moes word en maatrëels wat getref is om die geldigheid van die studie te verseker. Hierna word die data wat met die studie ingesamel is, in hoofstuk 4 aangebied, gevolg deur 'n ontleding van die data ter beantwoording van die navorsingsvrae in hoofstuk 5. Hoofstuk 6 vat die gevolgtrekkings van die studie saam en bied dus, ook bepaalde antwoorde op die navorsingsvrae.

1.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die beweegrede en motivering vir die studie verduidelik en is 'n raamwerk daar gestel waarbinne die navorsingsvrae in die volgende hoofstukke toegelig en beantwoord sal word. Ook die doel, metode, afbakening en indeling van die studie is hier uiteengesit. In die volgende hoofstuk, hoofstuk 2 word 'n literatuuoroorsig as teoretiese onderbou vir die studie aangebied.

Literatuuroorsig

2.1 Inleiding

Die literatuurstudie in hierdie hoofstuk is daarop toegespits om 'n teoretiese raamwerk vir die studie te ontwikkel en verdere inhoud te verleen aan die beantwoording van die hoofnavorsingsvraag, naamlik hoe sekondêre skole die problem van dwelmmisbruik onder leerders hanteer. Die hipotese is eerstens dat onderwysers en ander skoolbelanghebbendes nie voldoende toegerus is om die dwelmafhanglike leerder te hanteer nie en tweedens dat verskillende skole die beleid oor dwelmmisbruik in skole uiteenlopend op dwelm-afhanklike leerders toepas, deels in reaksie op die Skolewet en deels as gevolg van die skool se eiesoortige konteks.

Eerstens word 'n uiteensetting gebied van literatuur oor die verskynsel van dwelmmisbruik en die faktore wat daartoe bydra. Daarna kom 'n oorsig van die wets- en beleidsbepalings oor dwelmmisbruik in skole aan die beurt. Derdens word 'n teoretiese raamwerk ter ondersteuning van die navorsing en data vertolking aangebied.

2.2.1 Dwelmmisbruik onder skoolleerders- omvang en faktore

Selfs al het die Verenigde Nasies (VN) 26 Junie as 'n dag teen dwelms verklaar, bly dwelmafhanglikheid steeds een van die grootste krisisse in ons samelewing.

Sowel wettige as onwettige dwelms is deesdae maklik bekombaar. Wettige dwelms, waaronder alkohol, sigarette en medisyne, verhoog boonop gebruikers se risiko om later met onwettige dwelms, soos metamfetamien (tik) of marijuana (dagga), te eksperimenteer. Vanaf 'n vroeë ouderdom word kinders byvoorbeeld reeds aan alkohol blootgestel (Kok 2004:14). Volgens die South African Community Epidemiology Network on Drug Abuse (SACENDA) (2008) lei die misbruik van alkohol, synde die mees gebruikte middel in Suid-Afrika, tot chaotiese huislike omstandighede en ondoeltreffende ouerskap, wat tot kinders se kwesbaarheid vir dwelmblootstelling bydra.

Maseko, Ladikos en Prinsloo (2003) voer aan dat daar 'n groeiende kommer bestaan oor leerders wat dwelms, veral onwettige dwelms, gebruik. Dwelmmisbruik is bepaald 'n probleem onder leerders in sekondêre skole. Wat sake vererger, is dat dwelmhandelaars hulle aandag na skole as

sagte teikens begin verskuif. Daarbenewens moet leerders ook eksterne faktore die hoof bied, waaronder 'n omliggende omgewing vol sosio-ekonomiese probleme, soos lae inkomstes, misdaad en oorbevolking, sowel as portuurgroep of groepsdruk.

Jongmense ontdek elke dag nuwe dwelmmiddels waarmee hulle probeer eksperimenteer. In hulle jaarverslag van 2008 bevestig SACENDA dat tik en dagga tans die gewildste dwelmmiddels onder middelafhanklikes in die Wes-Kaap is. 36% Van alle dwelmafhandlikes wat hulp soek, is tik die voorkeur middel. 'n Studie van 'n groep graad 8 tot graad 10 leerders in die Wes-Kaap het ook aan die lig gebring dat 66% van die leerders reeds alkohol gebruik het (SACENDA 2012). 'n Derde het erken dat hulle dit gereeld gebruik en byna 'n kwart het in die week voor die studie gedrink. Voorts het byna 'n kwart 'n episode van oormatige alkohol-gebruik in die twee weke voor die studie beleef. 'n Derde het reeds voor die ouderdom van 13 jaar begin alkohol gebruik, terwyl 10% erken het dat hulle weekliks besope is en 2% daagliks. 'n Ander studie het getoon dat leerders onder die ouderdom van 13jaar, reeds dagga gebruik (Toevlug, 2012-2013). Sowat 2% van die leerders het ook reeds tik gebruik, 2,1% mandrax, 1% kokaïen en 1% heroïen.

Ongeag ras, geloof, ouderdom, kultuur, taal of land van herkoms, dwelmmiddels blyk alom teenwoordig te wees in én 'n nadelige effek te hê op gemeenskappe. Hitzeroth en Kramer (2010) noem dat dwelm- en alkohol-afhanklikheid op alle vlakke van die samelewing voorkom. Dit raak almal, van stabiele tot onstabiele gesinne, getroude pare tot enkelouers, rykes tot armes, jong mense tot ouer mense, mans tot vroue. Daar is verskillende redes waarom mense hulle tot middelgebruik wend. Dit gebeur dikwels dat persone van sosiaal aanvaarbare middels gebruik maak om hulle daaglikse stressors te hanteer. Nagskofwerkers sal byvoorbeeld van kafeïen en nikotien gebruik maak om deur die nag se werk te kom. Volgens Fraser (in Kok 2004:14), kan middelgebruik ook met die sosiale interaksie ván en mét die gesin, die werk, die skool en die ouderdomsgroep verbind word. Die besluit om dwelms te gebruik, berus egter by die persoon self en word deur daardie persoon se gedragsneigings, dikwels vanweë onsigbare omgewingsinvloede (Szalay, Strohl en Doherty in Kok 2004:14) gerig. Pelsler (in Joorste 2013:24) verwys weer na die ontoeganklikheid van die samelewing se normatiewe doelwitte deur wettige metodes, wat talle Suid-Afrikaanse jeugdiges noop om onwettige metodes (waaronder dwelms, misdaad en geweld) te gebruik om sukses te behaal, kultureel te konformeer, individuele status te bekom en beheer oor hulle omgewings te verkry. Dwelmmisbruik toon ook 'n komplekse

verband met misdaad en sosiale faktore soos werkloosheid, armoede, 'n behuisingstekort, oorbevolking in huise sowel stress, wat volgens Joorste (2013:24) jeugdige se sosiale gedrag en morele oorwegings kan beïnvloed.

Volgens Hitzeroth en Kramer (2010:55) loop middelmisbruik tipies op aansienlike en herhaalde probleme uit, waaronder openbare wangedrag. Bennett in (Keene,2010) toon ook dat hierdie verhouding deur verskeie sosiale, kulturele en omgewings- probleem beïnvloed word. Hitzeroth en Kramer sluit sosio- kulture faktore in onder meer groepsdruk, sosiale waardes, die gebrek aan sosiale ondersteuningstrukture en die voorbeeld wat ouers stel. Volgens Joorste (2013:13) bevind jongmense hulle meestal midde-in strukture en prosesse waarvoor hulle min of geen beheer het, byvoorbeeld die familie, gemeenskap en opvoeding, wat tot 'n gevoel van magteloosheid en 'n gevolglike toevlug tot dwelmmiddels lei.

Ook Keene (2007, 2001) noem dat sosiale probleme dikwels met 'n toename in misdaad, dwelmverwante oortredings en dwelmprobleme verbind word. Gossop (1994) voer aan dat misdaad dikwels uitgevoer word om 'n dwelmbehoefte te bevredig. Daarteenoor beweer Oetting en Beauvais (1990) dat leerders wat dwelms gebruik, altyd deur hul portuur beïnvloed word en in portuurklusters- baie dikwels ook bendes- optree. Dwelmmisbruik kan ook tot strafregtelike oortredings op skole lei, deurdat 'n leerder van 'n mede - leerder, opvoeder of die skool self steel om sy dwelmbehoefte te bevredig.

Volgens Mptanyane (1999:9) word 'n gebrek aan 'n leerkultuur en 'n gevoel van geborgenheid by verskeie skole geopenbaar. Navorsing het die hoë voorkoms van dwelm- en drankgebruik in skole as een van die vernaamste redes hiervoor geïdentifiseer. Volgens Hitzeroth en Kramer (2010:55) lei herhaalde middelgebruik tot die ontoerekende-nakoming van rolverpligting deur dwelmafhanglike leerders by die skool. Leerders wat dwelms misbruik, doen nie tuiswerk nie en toon meestal geen belangstelling in buitemuurse aktiwiteite nie.

2.2.2 Dwelmmisbruik en Adolessensie

Oosthuizen (2003:4) merk op dat die grootste persentasie van die hulpsoekers by die Kaapse Dwelmvoorligtingsentrum adolessente of tieners is. Ook volgens Muisner (in Kok, 2004:74) is vroeë adolessensie die tydperk wanneer kinders die vatbaarste is vir middelmisbruik.

Adolessensie is die tydperk tussen die kinderjare en volwassenheid, en kom in die lewensfase van puberteit tot mondigwording voor. Wanneer 'n kind 'n adolessent word, is hy of sy 'n baie beïnvloedbaar. Louw en Louw (in Rhode, 2009: 14) argumenteer dat adolessente weens fisiologiese oorsake 'n stormagtige tyd beleef en na hulle eie identiteit op soek is. Goldberg (1999:60), beweer dan ook "anyone can become a narcotics abuser during adolescence; whatever his background or previous social experiences may have been". Volgens Coleman en Hagell (2007:2) is adolessensie 'n tyd van besondere risiko. Risiko faktore sluit in onveilige seks, onwettige dwelmmisbruik, anti-sosiale gedrag en alkoholmisbruik. Dit is ook wanneer kinders uiters beïnvloedbaar is deur vriende en bendelede, omdat adolessente dikwels sekere kenmerke eie aan die sosiale kode van hulle bepaalde portuur groep openbaar (Barnard 2011:234).

Volgens Kok (2004: 16) maak juis hierdie beïnvloedbaarheid adolessente 'n hoë risiko vir dwelmverslawing, terwyl Gabhainn en Francois (in Rhode,2009:13) weer beweer dat dwelmmisbruik onder adolessente met hulle fisieke, kognitiewe sowel as sosiale welstand verband hou. Fisher en Harrison (2013:220) noem dat, families 'n invloed op die adolessente se dwelmmisbruik kan hê wat betref die voorsiening van dwelms sowel, as rolmodelle van dwelmgedrag in die huishouding (broers, sisters en ouers). Volgens Pelsner (in Joorst 2013:24) lei volgehoue blootstelling aan misdaad, geweld en ontbering in kerninstellings soos die huis (maar ook die skool en onmiddellike sosiale omgewing) dikwels daartoe dat jeugdige dit internaliseer en repliseer. Ook Brofenbrenner (in Rhode 2009:18) beweer die gesin is die belangrikste sosiale stelsel wat menslike ontwikkeling beïnvloed. In baie huishoudings is dwelms deel van die daagse lewe. 'n Ouer smokkel byvoorbeeld dalk met dwelms om so 'n inkomste te verdien. Dit sluit aan by Liddle en Schwartz (in Rhode 2009:20), wat die verband tussen wanfunksionele gesinne en dwelmafhanglike adolessente uitwys. Kok (2004: 20) voer aan dat kinders se sosialisering met gesinslede tot die opvatting kan lei dat middelmisbruik aanvaarbaar is, wat dan die adolessent negatief beïnvloed.

2.2.3 Dwelmmisbruik, gemeenskapsnorme en opvoeding

Volgens Van Zyl (1975: 32) vervul opvoeding in die konteks van dwelmmisbruik 'n bewarende en skeppende funksie. Hier gaan dit om die begeleiding van kinders tot selfkennis, selfkeuse en selfwording ter behoud van hulle eie identiteit. Sodoende word die kind geleer om sy of haar menswaardigheid te koester en volgens waardes te leef –en, by implikasie, om tussen reg en verkeerd in die samelewing te onderskei.

Gemeenskappe vereis dat kinders volgens die norme en rolverwagting van die gemeenskappe handel. Vir die mens is gemeenskapslewe belangrik vir sy voortbestaan. Joorste (2013:27) is dus reg deur aan te voer dat jeugdige se menswording fundamenteel beïnvloed word deur hulle omgewings, hetsy bevoorregte omgewings of geïsoleerde arm woongebiede beïnvloed word. Ook volgens McNay en Ozga (1985:20) bestaan opvoedkundige en sosiale waardes naas mekaar en vul die een die ander aan.

Wanneer leerders dus sosiaal verkeer, word hulle uitgelewer aan die norme van die gemeenskap waarin hulle hul bevind. Volgens Bernard (2009:290) het elke gemeenskap tradisionele kodes, waardes en ongeskrewe reëls waaraan individue moet voldoen indien hulle as lede aanvaar wil word. Enige persoon wat iemand in hierdie proses leer om tussen reg en verkeerd te onderskei, kan as 'n opvoeder beskou word. Van Zyl (1975:33) noem egter dat 'n leermeester of opvoeder die leerling ook onopsetlik die onbehoorlike, ontoelaatbare of onmens- waardige kan leer doen. Gemeenskapsnorme kan dus 'n leerder se lewe positief of negatief beïnvloed.

Onderwysers, synde opvoeders, oefen 'n groot invloed op leerders se houdings en menings oor dwelmmisbruik uit. Towers (in Barrett 1986) meen onderwysers moet dit duidelik maak dat hulle dwelms afkeur en lys vir dié doel seker voorkomende klas-aktiwiteite vir alle grade. Enige onderwyser wat glo dat 'n leerder dwelms misbruik, behoort op te tree. Leerders moet aangemeld word indien daar voldoende bewyse van dwelmmisbruik bestaan, hulle in besit van dwelms gevind word of by die skool onder die invloed van dwelms verkeer. Dwelmmisbruik- en opvoedingsprogramme moet daarna streef om te keer dat leerders dwelms en alkohol gebruik om leerders oor die gevare daarvan in te lig. Skole behoort ook professionele hulp beskikbaar te stel aan leerders wat wel dwelms misbruik.

2.2.4 Dwelmmisbruik en die Skool

Volgens Oosthuizen, Rossouw en De Wet (2004:4) is toenemende dwelmmisbruik al hoe meer verantwoordelik vir die gevoel van ongeborgenheid in sekere skole. Miller en Carroll (2006:188) beweer ook dat 'n hoër persentasie van dwelmgebruik in skole kinders laat glo dat sulke middels aanvaarbaar en beskikbaar is. Ook De Miranda (1987:58) noem dat die meeste eksperimenteerders met dwelmmiddels van skoolgaande ouderdom is, en dus moet die meeste voorkomingsaksies op skool plaasvind.

Vergelyke met ander lande wêreldwyd het Suid-Afrika een van die gevaarlikste en skadelikste patrone van alkohol en dwelmgebruik, aldus Hitzeroth en Kramer (2010:39). Meer bepaald is daar 'n kommerwekkende toename in dwelmgebruik in skole, veral op sekondêre vlak (Oosthuizen 2010: 55). Die stigma wat daarmee gepaard gaan, veroorsaak dikwels dat skole die probleem ontken, wat dit al hoe moeiliker maak om die nodige hulp aan die dwelmmisbruiker te voorsien. Die skoolhoof en sy skoolbestuurspan sowel as die skoolbeheerliggaam moet seker maak dat skoolbeleide gevoelig is vir die omringende omstandighede van die skool, veral die omstandighede van die leerders.

Moloi (2005: 35) argumenteer dat skole organisasies is wat hulle omliggende gemeenskappe dien. Synde organisasies, bestaan skole uit 'n groep van mense (leerders, opvoeders, nie-opvoeders) wat 'n gemeenskaplike doel voor oë het en volgens spesifieke reëls en regulasies, waaronder dié in die skolewet, funksioneer. Ball (2005:144) beskryf skole weer as 'n versameling van verskillende onderwysers, bestuurders, onderrig assistente, mentors, leerders en ouers, elk met hulle eie vorm van opleiding, diskursiewe geskiedenis, professionele verpligtinge en epistemologiese wêreldbeskouing. Volgens Christie (2008: 21), is die hoof doel van 'n skool om 'n omgewing te skep waar leer en onderrig kan plaasvind, en Moloi (2005:35) meen skole verskaf die organisatoriese omgewing vir die aanbieding van sistematiese, geformaliseerde onderrig en leer. Die Skolewet stel dit duidelik dat 'n skool 'n plek is waar onderwys plaasvind en wat jong in dividue met hulle sosiale konteks verbind.

Skole word dus omskryf as 'n inrigting waar kinders opgevoed word, en dien as 'n belangrike instansie om jongmense se sosiale posisie te verbeter. Skole is boonop openbare plekke wat deur baie mense, byvoorbeeld leerders, opvoeders, opsigters, ouers sowel die omliggende gemeenskap, gedeel word.

Juis daarom kan skole nie in isolasie staan nie (Swanepoel, 1996:29), maar moet hulle in samehang met ander sub-stelsels van die samelewing, soos die gereg en gesondheids-instellings, funksioneer (Slabbert en De Villiers, 2003:3-3). Volgens Masitsa (in Valentyn, 2009:16) funksioneer die skool in verhouding tot wat buite sowel as binne sowel die skool gebeur. Sodanige eksterne faktore behels die invloede of insette van die gemeenskap waarin die skool geleë is, terwyl interne faktore weer die visie, missie, leierskap en bestuur sowel as die kultuur van die skool insluit. Aangesien dwelmmisbruik deesdae albei hierdie fasette-sowel die eksterne as interne sfeer-van die skool raak, kan skole nie bekostig om dit te ignoreer nie.

Tog verrig die skool sy taak binne die bepalings van beleide en ander wette van toepassing op daaglikse skoolfunksionering. Die Suid -Afrikaanse Skolewet beskou die skool as 'n regspersoon, met ander woorde, 'n entiteit waaraan bepaalde wetlike regte en verantwoordelikhede toegesê word. 'n Skool mag dus slegs daardie dinge doen wat die wet en beleid toelaat. Taylor en kollegas (1997:20) se opmerking dat alle beleide deurspek is van magsverhoudings is dus eweseer van toepassing op skole- ten minste in Suid-Afrikaanse verband. Skole se vertolking en implementering van die beleid oor dwelmmisbruik in skole moet dus ook teen die agtergrond van hierdie magskwessies beskou word.

2.3 Wets- en beleidsbepalings oor dwelmmisbruik in Suid-Afrikaanse skole

2.3.1 Inleiding

Die vraag wat ontstaan is: Wat is 'n beleid? Volgens Christie (2008: 117) is beleide die domein van die regering wat dit vir die moderne staat moontlik maak om dinge volgens sy politieke oriëntering en benadering te laat gebeur. Beleide word nie nuut geskep nie, dit word gekoppel aan dit wat reeds bestaan, en word opgestel om die huidige bestel te beskerm of te verander. Beleide is ook nooit neutraal nie en funksioneer nie in isolasie nie. Volgens Ball (2012:4) is beleide altyd in wording, omdat dit gedurig nagesien, hersien, gewysig en soms mee weggedoen word. Die dinamiese aard en styl van hoe beleide ge-implementeer word, word bepaal deur die politieke en administratiewe rolspelers wat daarby betrokke is.

Dudley en Vidovich (1995) omskryf beleid: "as 'n kollektiewe sosiale besluitneming" eerstens, omdat besluite op die hele samelewing betrekking het, eerder as op individue alleen, en

tweedens, omdat die deelnemers aan die besluitnemingsproses as die wettige besluitnemers van die samelewing beskou word.” Wallace (in Ball 2012:6) beweer weer “Policies ‘begin’ at different points and they have different trajectories and life spans, some are mandated, others strongly recommended”. Op regeeringsvlak dien beleid as een van die maniere waarop die moderne staat voorsien wat hy wil implementeer en hoe “dit moet gebeur”.

Beleide word polities gedryf en is nie altyd rasideel nie. Tog is dit belangrik dat alle wetgewing, maatreëls, regulasies, norme en standaarde oor die onderwys beskou moet word as middele om die onderwys, die individu en die samelewing te koester, te verbeter en te transformeer. Keene (2010:135) stem saam: “Policy initiatives should aim to reduce vulnerability earlier in the life course so ensuring that people reach later life with ‘reserve’ “.

In hierdie verband reken Kogan (1985: 1) dat opvoedkundige beleide geformuleer word in verhouding tot die omstandighede en gebeure van die betrokke tydperk. As sodanig is onderwys ook ‘n sosiale artefak, gevul met die staat se aspirasies oor hoe gemeenskappe, en skole, moet funksioneer (Kogan, 1985:1). Onderwysbeleid kan beskou word as ‘n plan van aksie met ‘n spesifieke doel in skole of ander onderwys instellings bereik behoort te word. Beleid in die skool is ‘n instrument waarmede die skool ‘n raamwerk skep om sy planne en doelwitte in werking te stel.

Taylor en kollegas (in Ball: 2012: 2) voer aan dat die regering beleide gebruik om sosiale en ekonomiese verandering in die samelewing teweeg te bring. Plaaslike skoolbeleide word derhalwe op beleidsaanwysings uit die Skolewet geskoei. Daardie beleidsaanwysings dien dus as riglyn vir die skool om die uitkomst van die Skolewet in plaaslike verband te bereik. Tog word die kultuur van elke bepaalde skool deur verskillende unieke faktore en invloede, soos geloof, omliggende omgewing, die sosio-ekonomiese probleem van leerders sowel as norme en waardes, beïnvloed. Beleid is dus dikwels ver verwyder van die praktyk waarin dit geïmplementeer moet word.

En alhoewel beleid veronderstel is om probleme op te los (Ball, 2012:2), blyk skole en bestuurspanne dikwels beleidsrigtings op oppervlakkige en ondeurdagte wyse te aanvaar. Volgens Braun en kollegas (2010) is op enige gegewe tydstip honderde beleide in omloop, wat

skole veronderstel is om oordeelkundig te vertolk, aan te pas en in hulle unieke skoolomgewing te implementeer.

2.3.2 Die ontwikkeling van onderwysbeleid in Suid Afrikaanse verband

Volgens Christie (2008: 130) konsentreer die Nasionale Departement van Basiese Onderwys op die ontwikkeling van beleidsraamwerke vir die onderwysstelsel in die geheel. Die minister van onderwys, in samewerking met die nege provinsies, bepaal die politieke agenda en die nasionale norme en standaarde vir onderwys oor die algemeen. Die nege provinsiale onderwysdepartemente is dan verantwoordelik om hierdie onderwysbeleide en -programme in pas met die nasionale onderwysdoelwitte te implementeer. Mag word dus aan die provinsiale LUR'e vir Onderwys verleen om op hulle beurt provinsiale onderwysbeleide te bepaal.

Die provinsiale onderwysdepartemente maak weer van distrikskantore gebruik om hierdie beleidsraamwerke te implementeer en dienste aan skole te lewer. Volgens die Education Law and Policy Handbook (2003:3A-4) is 'n provinsiale onderwysdepartement verantwoordelik vir onderwys in 'n provinsie, wat alle openbare skole, departementele kantore, onderwysentrums en instellings vir verdere onderwys en opleiding in so 'n provinsie insluit.

Op skoolvlak is die skoolhoof, skoolbestuurspan en skoolbeheerliggaam verantwoordelik vir interne skoolbeleide, onderworpe aan die raamwerk van die Skolewet. Volgens die Skolewet is slegs die skoolbeheerliggaam by magte om beleid te bepaal en die hoof en skoolbestuurspan is verantwoordelik vir die uitvoering daarvan. Skole se interne skoolbeleide moet aan die voorgeskrewe norme en standaarde van die nasionale minister van onderwys ingevolge artikel 5A van die Skolewet voldoen. Die beheerliggaam behoort die ontwikkeling van beleid te beskou as 'n manier om verandering teweeg te bring en moet verseker dat die volle potensiaal van elke beleid benut word. Die beleid oor dwelmmisbruik is geen uitsondering nie. Die volle potensiaal van die beleid oor dwelmmisbruik sal egter slegs bereik kan word indien skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame dit korrek en konsekwent implementeer.

2.3.3 Artikel 29 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Volgens Maree (1995:1) moet 'n nasionale grondwet verstaan word as die hoogste statutêre regsbron in die betrokke staat. Dit bewerkstellig ewewig tussen die mag van die staat aan die een kant, en die individuele en kollektiewe regte van landsburgers aan die ander kant. In Suid-Afrikaanse verband het die Grondwet die gietstuk van die Suid-Afrikaanse onderwysreg voor demokrasie kom breek (Maree 1995:1). Die Grondwet lê naamlik die grondslag vir hoe beleid in skole (in hierdie geval, die beleid oor dwelmmisbruik in Suid-Afrikaanse skole) moet werk. Onderwysbeleide is dus in wese komponente van die Grondwet; die Grondwet skep sodoende die onderwysstelsel en reguleer die amptelike owerhede binne daardie stelsel. Die Grondwet dien dus allereers as riglyn vir enige provinsiale, distriks- of interne skoolbeleid, veral ook die beleid oor dwelmmisbruik.

Meer bepaald beklemtoon artikel 29(1) en (2) van die Grondwet die reg op basiese onderwys soos volg: "Elkeen het die reg op basiese onderwys en op verdere onderwys, wat die staat deur middel van redelike maatreëls, in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak. Dit moet geskied met inagneming van a) billikheid, b) doenlikheid, c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel (Grondwet, 1996:14). Skole mag dus onder geen omstandighede diskrimineer teen leerders wat aan dwelms verslaaf is nie. Tog blyk dit egter dat sommige skole dit makliker vind om van 'n leerder wat dwelms misbruik ontslae te raak as om die probleem op hulle onderskeie skole te erken en hulp aan sulke leerders te verleen.

2.3.4 Artikel 29: Reg tot Onderwys

Artikel 29 van die Grondwet beklemtoon die reg tot basiese onderwys: "Everyone has the right- 1) to basic education and further education, which the state , through reasonable measures, must make progressively available and accessible 2) taking into account- a) equity b) practicability and c) the need to redress the results of the past racially discriminatory laws and practices" (The Constitution ;1996:14)

Artikel 29 begin met die woord "almal" en dit sluit in alle burgers. Die afdeling is ook uniek in die sin dat dit voorsiening maak vir oud en jonk soos deur subartikel 1 wat (basiese onderwys vir

volwassenes beklemtoon). Die artikel maak ook voorsiening vir die reg op basiese onderwys (skool) en verdere onderwys (kollege en tersiêre inrigtings). Verder bepaal sub -artikel 2 dat alle leerders by openbare skole, die reg het om in hul moedertaal onderrig te word. Artikel 29(2) bevat 'n interne beperkingsklousule, wat bepaal dat alle redelike alternatiewe in die onderwys deur die staat oorweeg en verseker moet word. Hier moet in ag geneem word doeltreffende implementering van gelykheid, praktiese uitvoerbaarheid en die behoefte om rassediskriminasie wette en praktyke van die verlede reg te stel en te verseker in onderwys

Subartikel 3 bepaal dat burgers en nie-burgers die reg het om vas te stel en op hul eie onafhanklike onkoste hul eie opvoedkundige instellings in stand te hou. Hierdie opvoedkundige instellings, wat geregistreer is by die Staat mag nie diskrimineer op grond van ras nie. Hierdie opvoedkundige instellings moet die standaard van die staat in stand hou. Opvoedkundige instellings mag onder geen omstandighede diskriminerend optree teenoor leerders wat aan dwelms verslaaf is nie. Vir sommige skole is dit makliker om van die probleem onslae te raak, as om die probleem van dwelmmisbruik op skole te erken en pogings aan te wend om sulke leerders te help.

Soos uit bostaande blyk, het navorsers dwelmmisbruik onder die Suid-Afrikaanse jeug as 'n groot probleem geïdentifiseer. Volgens Oosthuizen, Rossouw en De Wet (2004: 4) is dit een van die hoofoorsake van die huidige gevoel ongeborgenheid in skole en kan 'n atmosfeer van geborgenheid verhoog word deur leerders byvoorbeeld te vir die besit van verbode middels te deursoek.

In hierdie verband is artikel 8A in 2007 by die Skolewet ingevoeg. Dié artikel handel oor "Ewekansige deursoeking, beslaglegging en toetsing vir dwelmmiddels by skole" en bied riglyne hoe daar gehandel moet word met, en opgetree moet word teenoor leerders wat dwelmmiddels gebruik en in besit is van dwelmmiddels.

Artikel 8A verleen aan die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde die mag om leerders en hulle eiendom te deursoek, op voorwaarde dat dit op billike en redelike gronde is. Die artikel bepaal dan ook die faktore wat in ag geneem moet word om vas te stel of die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde oor sodanige billike en redelike gronde beskik

Die bepaling gaan hierna voort om te beskryf hoe 'n soektog vir dwelmmiddels uitgevoer moet word. Dit maak voorsiening dat die liggaamlike deursoeking of visetering privaat geskied, deur die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde wie dieselfde geslag as die leerder is en word gedoen as 'n volwasse getuie, dieselfde geslag as die leerder. Artikel 8A spesifiseer ook hoe enige bewyse waarop beslag gelê word en enige sodanige eiendom waarop die die skool beslag lê, moet naamlik aan die polisie oorhandig word. Indien dit nie moontlik is nie, moet die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde die items na die naaste polisie stasie neem en 'n amptelike ontvangsbewys van die polisiebeampte ontvang. Die bepaling bemagtig voorts die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde om 'n urinetoets met betrekking tot enige leerder te laat doen indien daar grondige en redelike vermoedens van dwelmgebruik bestaan, en skryf die proses vir die uitvoering van die toets voor. Die artikel verplig boonop die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde om die ouers in te lig oor die toets, sowel as om die leerder en ouers onmiddelik in kennis te stel sodra die uitslae beskikbaar is.

Derhalwe is artikel 8A van die Skolewet een van die kernbepalings oor dwelmmisbruik in skole, aangesien dit voorsien dat die leerder aan dissiplinêre prosedure of verrigtinge onderwerp kan word indien hy/sy in besit onwettige dwelms gevind word of positief vir die gebruik daarvan toets. Tog verbied dieselfde artikel enige openbare skool om enige strafregtelike verrigtinge teen 'n leerder in te stel indien 'n dwelmverwante ontdekking by hom/haar gemaak word.

2.3.5 Stelselmatige hantering van leerder-dwelmmisbruik in Suid-Afrikaanse skole

Volgens die beleid op dwelmmisbruik moet dwelmmisbruikers met behulp van professionele ondersteuning, dienste en behandeling bygestaan word om hul probleem te bowe kom. Die onderwys behels verskeie menslike stelsels, waaronder die individu, gesin, skool, gemeenskap, gesondheidsdienste, onderwys en die regering. Hierdie interafhanklike stelsels speel alles 'n rol in die ontwikkeling van die leerder sowel as die oplossing van probleme of die voorsiening in die behoeftes van leerders wat dwelms misbruik.

Indien doenlik, moet die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde die ouers of voog van die betrokke leerder binne een werksdag inlig dat 'n toets of deursoeking en beslaglegging ten opsigte van die leerder plaasgevind het. Die ouer of voog moet ook onmiddellik in kennis gestel word sodra die

uitslag van die toes beskikbaar is. Indien die leerder skuldig aan die besit van dwelms, of positief vir die gebruik daarvan toets, kan die leerder aan dissiplinêre verrigtinge onderwerp word, welke verrigtinge ingevolge die gedragskode in artikel 18 van die Skolewet moet geskied.

Volgens artikel 9(1) van die Skolewet mag 'n beheerliggaam, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n leerder wat vermoedelik ernstige wangedrag gepleeg het, wat dwelmmisbruik sou insluit, skors van bywoning van die skool, maar mag die beheerliggaam sodanige skorsing oplê slegs nadat die leerder 'n redelike geleentheid gebied is om verhoë in verband met sodanige skorsing aan die beheerliggaam te rig. Artikel 9(1) bepaal voorts dat 'n beheerliggaam binne sewe skooldae na die skorsing van 'n leerder dissiplinêre verrigtinge teen sodanige leerder ingevolge artikel 8 moet hou. Indien nie, bepaal subartikel 1B dat die beheerliggaam die goedkeuring van die onderwyshoof moet verkry om sodanige sodanige leerder se skorsing voort te sit.

Nadat 'n leerder gedurende die dissiplinêre verrigtinge skuldig bevind is aan dwelmmisbruik, kan die beheerliggaam sodanige leerder vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae skors, of enige ander sanksie in die gedragskode van die openbare skool oplê, of 'n aanbeveling by die Onderwyshoof doen om sodanige leerder uit die openbare skool te sit (subartikel 1C). Die beheerliggaam mag volgens artikel 8A(14) geen strafregtelike verrigtinge teen die leerder instel nie. Die onderwyshoof moet die aanbeveling van die beheerliggaam oorweeg en binne 14 dae besluit om die leerder uit die skool te sit of nie (artikel 9(1D)). 'n Beheerliggaam kan die skorsing van 'n leerder oplê of verleng vir 'n tydperk van hoogstens 14 dae hangende die onderhoof se besluit (subartikel 1E). Artikel 9(2) bevestig dan ook dat 'n leerder by 'n openbare skool deur die Onderwyshoof uit die skool gesit mag word.

Na aanleiding van bogenoemde moet die belange van die dwelmmisbruiker ten alle tye eerste gestel word. 'n Skool mag onder geen omstandighede 'n leerder sy reg op toegang tot basiese onderwys ontnem nie. Indien 'n leerder by die skool skuldig bevind word aan die gebruik van dwelmmiddele moet die betrokke aangeleentheid gerapporteer word aan die relevante skool maatskaplike werker, sodat die nodige hulp aan die leerder verleen kan word. Die Suid

Afrikaanse Kinderwet 41 van 2007 bepaal dat indien 'n hof met die samewerking van 'n maatskaplike bevind dat 'n leerder mediese behandeling, sielkundige behandeling of berading benodig, die leerder dit op staatsenkoste sal ontvang. Die doel hiervan is om voorsiening te maak vir sekere regte van kinders soos dit in Gondwet vervat is.

Die hof kan ook ingevolge die Kinderwet bepaal: "dat die kind as 'n binne pasiënt of buite pasiënt opgeneem word by 'n toepaslike fasiliteit indien die hof bevind dat die kind behandeling vir verslawing aan 'n afhanklikheidsvormende substansie benodig". Wat gebeur egter met die leerder se onderrig indien hy skuldig bevind word aan dwelmmisbruik en na 'n rehabilitasie sentrum verwysword? Die huidige benadering tot dwelmmisbruik in skole maak nêrens voorsiening vir die voortsetting van die leerder se skoolleer terwyl hy/sy rehabilitasie ondergaan nie. In die ongeveer agt weke wat leerders vir behandeling aan die skool onttrek, raak hulle dermate agter met hulle skoolwerk dat hulle by hulle terugkeer dikwels oorweldig voel en uiteindelik die skool verlaat.

2.4 Voorwaartse en terugwaartse kartering (forward and backward mapping)

Die beleid op dwelmmisbruik word in hierdie studie nagevors en geanaliseer aan die hand van hierdie teorie rondom voorwaartse en terugwaartse kartering (forward and backward mapping), synde 'n benadering tot implementeringsontleding. Hierdie benadering voorsien in beleidvormers en –navorsers se behoeftes om die implementeringsproses van beleide en die uitkomst van beleidsbesluite te verstaan.

Terugwaartse kartering as analitiese lens gaan daarvoor om die effek van die beleid te evalueer nadat die beleid geïmplementeer is. Dit begin dus by die uitkomst van die beleid en werk terug na die ontstaan daarvan. As sodanig, bevraagteken terugwaartse kartering die aanname dat beleidvormers bepaal wat in die implementeringsproses gebeur, en beklemtoon die verspreiding van beheer en fokus. Boonop bevraagteken dit die suksesvolle implementering van die beleid aan die hand van duidelike administratiewe verantwoordelikhede en goed omskrewe uitkomst wat in die beleid self vervat is. Daarteenoor is voorwaartse kartering 'n analitiese lens wat in werking tree wanneer die ontleder wil verstaan hoe beleidvormers die implementeringsproses wil beïnvloed. Voorwaartse kartering begin dus dikwels by 'n verklaring van die beleidvormer se

gewenste uitkomst om deur spesifieke stappe daardie uitkomst te bereik, tesame met watter party vir sodanige stappe verantwoordelik sal wees.

Voorwaartse kartering laat kom dan ook gewoonlik daardie faktore aan die lig wat geneig is om beheer te sentraliseer en wat maklik deur beleidvormers gemanipuleer word. Volgens Elmore (1980) is beleidvormers implisiet geneig om die prosesse wat implementering raak, te wil beheer. In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat ook die huidige beleid oor dwelmmisbruik by skole nie daadwerklik die bekamping van dwelmmisbruik in skole of spesifieke rehabilitasieprosesse beskryf nie, maar net hoe daar opgetree moet word teenoor (d.w.s. beheer uitgeoefen moet word oor) die leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak. Volgens Elmore (1980) is die grootste probleem met die benadering die implisiete veronderstelling van beleidsformuleerders dat hulle die prosesse wat implementering affekteer wil beheer.

Elmore (1980) reken ook terugwaartse en voorwaartse kartering kan moontlike verklarings vir onsuksesvolle beleidsimplementering bied deur lig te werp op die gaping tussen beleidsformulering en praktiese beleidstoepassing. Deur terugwaartse kartering kan die gaping in die beleid geïdentifiseer word; voorwaartse kartering kan weer tot korrekte implementering bydra.

Die logika van terugwaartse kartering is in alle opsigte die teenoorgestelde van dié van voorwaartse kartering (Elmore 1980). Terugwaartse kartering is daarop uit om 'n alternatiewe manier voor te stel om die gaping tussen beleidsvoornemens en praktiese implementering so ver moontlik te vernou, en sodoende suksesvolle beleidsimplementering te bewerkstellig.

Daarom begin dit by die eindpunt van die implementeringsproses; nie by 'n verklaring van voorneme nie, maar eerder 'n verklaring van hoe die beleid op die laagste vlak van die implementeringsproses toegepas word (in hierdie geval, in skole). Die laagste vlak (skole) is immers waar die behoefte vir die beleid aanvanklik ontstaan het.

Volgens Elmore (1980) kan 'n implementeringsproses slegs as suksesvol beskou word indien die voorwaartse en terugwaartse kartering sekere gemeenskaplike norme, waardes en standaarde aan die lig bring. In die geval van die toepassing van die beleid oor dwelmmisbruik by skole moet

daar dus indringend gekyk word of die norme, waardes en standarde van die beleidvormer (regering/Onderwysdepartement) met dié van die beleidsimplementeerder (skool) ooreenstem.

2.5 Samevatting

Hoofstuk 2 het 'n oorsig gebied van die tersaaklik literatuur as teoretiese begroning vir hierdie navorsing oor die hantering van leerders wat in sekondêre skole dwelms misbruik.

Eerstens is verskeie outeurs se menings oor die omvang van dwelmmisbruik onder skoolleerders en die verskillende bydraende faktore aangebied. Dit sluit in opvoeding, gemeenskapsnorme, adolessensie en die skool. Daarna is die konsep van beleid oor die algemeen sowel as die proses van beleidsvorming en -implementering in Suid-Afrikaanse verband beskou, gevolg deur 'n oorsig van die spesifieke wets- en beleidsbepalings oor onderwys en dwelmmisbruik. Veral artikel 8A van die Skolewet is van nader bekyk, synde 'n kernbepaling oor dwelmmisbruik in skole. Laastens is die konsep van voorwaartse en terugwaartse kartering aangebied as teoretiese raamwerk waarbinne die hantering van dwelmafhanglike leerders in sekondêre skole in die volgende hoofstukke bestudeer sal word. In hoofstuk 3 word die navorsingsontwerp en – metodologie in meer besonderhede beskryf.

Hoofstuk 3

NAVORSINGSONTWERP EN - METODOLOGIE

3.1 Inleiding

Volgens Harding (1993:2) is metodologie die teorie van die kennis en vertolkende raamwerk wat 'n bepaalde navorsingsprojek rig en spruit die metodologie uit die navorsingsvraag voort. Ook Punch (2005:19) beweer dat die navorsingsvraag 'n direkte invloed op die metodologiese aspekte van navorsing het en dat die navorsingsvraag en metodologie dus in sekere sin gesinchroniseer is.

Die hoofnavorsingsvraag in hierdie studie is: Hoe hanteer skole leerders wat dwelms misbruik? In die ondersoek om hierdie vraag te beantwoord, sal twee hipoteses getoets word, naamlik dat onderwysers en skoolpersoneel onvoldoende toegerus is om die probleem van dwelmmisbruik in skole te hanteer, en dat skoolhoofde, -bestuurspanne en -beheerliggame leerders wat dwelms gebruik uiteenlopend behandel vanweë 'n beleidsgaping.

Om die geldigheid en geloofwaardigheid van die navorsingsbevindinge in hierdie tesis te maksimaliseer, is 'n kwalitatief-vertolkende navorsingsparadigma gekies en sal data-insameling aan die hand van semigestruktureerde onderhoude met 'n voorbereide onderhoudskedule geskied. Die volgende gedeeltes brei uit op die redes vir hierdie keuse.

3.2 Die kwantitatiewe en kwalitatiewe metodologiese paradigma, en die plasing van hierdie navorsing binne laasgenoemde

Volgens Johnson en Christensen (2008:32) is 'n navorsingsparadigma 'n navorsersgemeenskap se perspektief op navorsing op grond van 'n stelsel van gemeenskaplike aannames, konsepte, waardes en gebruike. Dit handel oor hoe daar oor die navorsingsmetode en -onderwerp gedink word, en is hoofsaaklik op oplossings vir 'n bepaalde sosiale probleem afgestem. Denzil en Lincoln (2011:91) beskryf navorsingsmetodologie as 'n manier om kennis oor die wêreld te verkry, terwyl McMillan en Schumacher (2001:10) dit beskou as die ontwerp wat die navorser kies om data in te samel en te ontleed ten einde 'n spesifieke navorsingsprobleem te ondersoek.

Guba (1990:17) omskryf 'n paradigma as 'n stel basiese oortuigings wat optrede bepaal of lei, en Kuhn (1970:2) reken dit is 'n raamwerk wat as 'n kaart of gids vir 'n navorsingsgemeenskap dien en wat belangrike probleme en kwessies vir die lede van sodanige gemeenskap uitlig. Hulle definieer die wêreld-beeld van die navorsingspan as interpretatiewe "bricoleur".

Daar word hoofsaaklik tussen twee metodologiese paradigmas onderskei, naamlik kwalitatief en kwantitatief, wat volgens McMillan en Schumacher (2001:14) meestal die verskillende vorme van ondersoek of verskillende benaderings tot navorsing aandui. Sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe navorsingsparadigmas word in studies oor die onderwys gebruik. Die mees voor die hand liggende verskil tussen die twee is die manier waarop navorsingsdata aangebied word. Kwantitatiewe navorsing bied statistiese resultate in die vorm van syfers aan. Punch (2005:16) reken kwantitatiewe navorsing "has been more directed at theory verification, while qualitative research has been more concerned with theory generation". Johnson en Christensen (2008:19) beaam dit deur te sê dat kwantitatiewe navorsing op die toetsing van teorieë en hipoteses konstrueer. Kwalitatiewe navorsing, daarteenoor, is volgens Lichtman (2006:5) en Flick (2007:ix) daarop toegespits om die buitewêreld te benader, te verstaan, te beskryf en sosiale verskynsels te verduidelik. Merriam (1998:6) identifiseer die volgende kenmerke van kwalitatiewe navorsing:

- Kwalitatiewe navorsing is 'n oorkoepelende konsep wat verskeie vorme van ondersoek behels. Dit help ons om die sosiale betekenis van sosiale verskynsels in hulle natuurlike omgewing verstaan.
- Die navorser self is die hoofinstrument vir data-insameling en -ontleding.
- Kwalitatiewe navorsing behels gewoonlik veldwerk. Die navorser moet fisies na die navorsingssubjekte gaan om hulle gedrag in hulle natuurlike omgewing waar te neem.
- Hierdie tipe navorsing volg 'n induktiewe navorsingstrategie. Dit bou dus abstraksies, konsepte, hipoteses of teorieë eerder as om bestaande teorieë te toets.
- Dit is egter veral aan die hand van Marshall en Rossman (1989:46) se voorgestelde riglyne oor wat kwalitatiewe navorsing is, wat hierdie studie in die kwalitatiewe paradigma geplaas word. Hulle meen kwalitatiewe navorsing is navorsing:
 - wat om praktiese of etiese redes nie eksperimenteel gedoen kan word nie;
 - wat diep in kompleksiteit en prosesse delf;
 - wat probeer verken waarom daar 'n gaping tussen beleid en praktyk is;

- oor onbekende samelewings of innoverende stelsels; en
- oor informele en ongestruktureerde skakelings en prosesse in organisasies.

Ook Barbie en Mouton (2001:270) se tipering van kwalitatiewe navorsing hang ten nouste met hierdie studie saam:

- Kwalitatiewe navorsing word in die natuurlike omgewing van die sosiale respondente onderneem.
- Die klem val op die proses eerder as op die uitkoms.
- Die respondent se perspektief word beklemtoon.
- Die hoofdoel is om 'n diepgaande beskrywing en begrip van aksies en gebeure te verkry.
- Die belangrikste doel is om die sosiale aksie in sy spesifieke konteks te verstaan, eerder as om oor teoretiese populasies te veralgemeen.
- Die navorsingsproses is dikwels induktief, wat tot die skep van nuwe hipoteses en teorieë lei.
- Die kwalitatiewe navorser word as die belangrikste instrument in die navorsingsproses beskou.

In pas met bogenoemde, is hierdie studie gegrond op die navorser se belangstelling daarin om mense se ervarings binne konteks te verstaan. Die navorsing is derhalwe in die natuurlike omgewing van die navorsingsonderwerp gedoen, naamlik gekose skole waar dissiplinêre verhore plaasgevind het van leerders wat hulle aan die misbruik van dwelms skuldig gemaak het. Dit is immers slegs deur navorsing in sy natuurlike omgewing te onderneem wat die navorser 'n komplekse en holistiese beeld van die onderwerp kan verkry (Creswell, in Truter 2013:41). Insaes in die dissiplinêre verhore is verkry deur persoonlike bywoning sowel as onderhoude met betrokkenes ten einde 'n dieper begrip te vorm van die daaglikse omgang met die probleem van dwelmmisbruik in skole, en hoe skole leerders wat dwelms gebruik, hanteer.

Met behulp van semi-gestruktureerde onderhoude is data enersyds ingesamel, maar kon die navorser ook die hantering van dwelmafhanklike leerders teen die agtergrond van die beleidsriglyne hieroor in die Skolewet al hoe beter verstaan. Lichtman (2006:8) het dus gelyk

gehad deur aan te voer dat kwalitatiewe navorsing 'n diepgaande beskrywing en begrip van menslike ervaring bied, en so ook Rubin en Rubin (in Lichtman, 2006:9), wat gesê het dat kwalitatiewe navorsing 'n manier is om uit te vind wat ander dink van én ervaar in die wêreld waarin hulle leef. Dit was duidelik dat die studiedeelnemers hulle ervaring die beste kon weergee toe hulle dit in hulle eie woorde, in nadenkende onderhoude en in die konteks waarin hulle ervaring afspeel, kon beskryf (Henning, 2004:36).

3.3 Die vertolkende teoretiese raamwerk ter ondersteuning van die studie

Henning en kollegas (2004:16) voer aan dat navorsers hulle studies binne een van drie teoretiese paradigmas kan plaas, naamlik die positivistiese, vertolkende of kritiese paradigma. Volgens dié outeurs werp elk van hierdie teoretiese paradigmas lig op 'n spesifieke metodologiese raamwerk.

Die positivistiese paradigma behels 'n verwerping van die metafisiese (Henning *et al.* 2004:17). So 'n raamwerk gaan daarvoor om die waarheid te vind en dit empiries te bewys. Kennis spruit dus uit ervaring en waarneming. 'n Positivistiese teoretiese paradigma word met die werkwoorde 'voorspel' en 'toets' verbind. 'n Vertolkende paradigma bou ons wêreld deur middel van veelvuldige perspektiewe (Henning *et al.* 2004:19) en is daarop afgestem om navorsingsdeelnemers se lewens te verstaan en die betekenis daarvan te vertolk. Sodoende word kennis gekonstrueer deur die beskrywings van mense se oortuigings, waardes en selfbegrip. Die werkwoorde 'verstaan' en 'konstrueer' word met die vertolkende teoretiese paradigma verbind. 'n Kritiese raamwerk dekonstrueer weer die wêreld en bevraagteken die veelvuldige politieke perspektiewe van vertolkende paradigmas (Henning *et al.* 2004:22). Binne so 'n raamwerk kan mense hulle eie wêreld ontwerp en herbou. Beleefde ervarings en sosiale verhoudings is die hoofokus van hierdie raamwerk, en dit word met die werkwoorde 'verbeter' en 'verander' verbind.

Hierdie navorsing probeer die aard en omvang van skole se optrede teenoor dwelmafhanglike leerders verstaan en begryp. Daarom vereis dit 'n vertolkende paradigma, waarbinne die

navorsingsdeelnemers hulle veelvuldige sienings oor die beleid oor dwelmmisbruik in skole en die vertolking en implementering daarvan kan verwoord.

3.4 Die gevallestudie as gekose navorsingsontwerp

Flick (2007:36) beskryf die navorsingsontwerp as 'n plan vir die insameling en ontleding van bewyse wat die navorser in staat stel om sy/haar navorsingsvrae te beantwoord. So 'n plan raak byna alle aspekte van die navorsing, onder meer die besonderhede van data-insameling en die keuse van dataontledingstegnieke. Hammersley en Atkinson (in Flick 2007:37) beweer op hulle beurt dat die navorsingsontwerp 'n proses van nadenke moet wees wat in elke fase van die navorsingsprojek plaasvind. Vir Punch (2005:62) is die navorsingsontwerp ál die tersaaklike kwessies in die beplanning en uitvoering van 'n navorsingsprojek – van die uitwys van die navorsingsprobleem tot die publikasie van die resultate. Volgens Johnson en Christensen (2008:49) word daar in kwalitatiewe navorsing tussen die navorsingsontwerpe van fenomenologie, etnografie, die gevallestudie en die gegronde teorie onderskei. Hierdie navorsing maak gebruik van die gevallestudie.

Yin (in Merriam 1998:27) beskryf 'n gevallestudie as “an empirical inquiry that investigates a contemporary phenomenon within its real-life context, especially when the boundaries between phenomenon and context are not clearly evident”. Volgens Yin is die gevallestudie veral geskik in omstandighede waar dit onmoontlik is om die veranderlikes van die verskynsel van hulle konteks te skei. Merriam (1998:33) reken weer dat die gevallestudie 'n goeie keuse is om die uniekheid van 'n verskynsel te openbaar, en kennis bloot te lê waartoe ons nie andersins toegang sou hê nie. 'n Gevallestudie ondersoek 'n bepaalde verskynsel, soos 'n program, gebeurtenis, persoon, instelling of sosiale groep (Merriam, in Lichtman 2011:111). In hierdie navorsing word die gevallestudie-ontwerp gebruik om skole se hantering van leerders wat dwelms misbruik te ondersoek.

Punch (2005:145) skryf die volgende kenmerke aan 'n gevallestudie toe:

- 'n Gevallestudie het grense. Die navorser moet die grense van die navorsing so duidelik moontlik identifiseer en beskryf. In hierdie studie is die gevallestudie beperk tot twee

gekose skole, en wel tot die partye in daardie skole wat verantwoordelik is vir hoe dwelmafhanglike leerders hanteer word.

- 'n Gevallestudie ondersoek die uitkoms van 'n geval of saak. Dit verleen fokus, logika en strategie aan navorsing. In hierdie navorsing word die gevallestudie bepaald gebruik om vas te stel watter effek die hantering van leerders wat dwelms gebruik op daardie leerders se skoolleer en verdere leergeleentede het.
- In 'n gevallestudie is daar 'n duidelike poging om die heelheid, eenheid en integriteit van die navorsing te bewaar. In hierdie opsig is 'n spesifieke klem belangrik, wat onder meer deur navorsingsvrae geïdentifiseer kan word. In hierdie navorsing dien die gevallestudie as instrument om 'n toegespitste ondersoek na skole se toepassing van beleid oor dwelmmisbruik in skole te onderneem. Die gevallestudie keer dat die navorsing afdwaal en koers verloor, en verseker eenheid en 'n volgehoue klem op die gekose navorsingsonderwerp.
- Gevallestudies kan van verskeie databronne en -insamelingsmetodes gebruik maak, waaronder waarneming in die deelnemers se natuurlike omgewing, onderhoude en die mededeling van ervarings. In hierdie navorsing word daar binne die gevallestudie diepgaande vrae gestel oor die hantering van leerders in sekondêre skole wat dwelms gebruik, ten einde hierdie verskynsel in sy werklike konteks van menselewens te verstaan.

Deur middel van die gevallestudie kon die navorser akkurate inligting insamel oor hoe beheerliggame die beleid oor dwelmmiddels in skole vertolk en implementeer. Dit het beduidende en beskrywende data opgelewer met behulp waarvan die navorser die navorsingsvrae kon beantwoord.

3.5 Metode en instrumente vir data-insameling

Die sosiale wetenskap is ryk aan metodes waardeur 'n navorser data kan insamel. Tog moet die metode gepas wees om die betrokke navorsingsvraag te beantwoord. Die data-insamelingsmetode dien dus as die gereedskap wat nodig is om die navorsing te doen. Om lig op die gekose data-insamelingsmetode en -instrumente in hierdie studie te werp, bied die volgende gedeeltes 'n uiteensetting van die navorser se rol in verhouding tot die studiedeelnemers, die

keuse van deelnemers, die onderhoudskedule, die onderhoude self, sowel as die dokumente waarmee dit aangevul is.

3.5.1 Die navorser se rol in verhouding tot die deelnemers

Johnson en Christensen (2008:19) beskou die kwalitatiewe navorser as 'n persoon wat op verkenning en die konstruksie van teorieë konsentreer. Volgens Norman en Lincoln (2011:3) bestudeer kwalitatiewe navorsers verskynsels in hulle natuurlike omgewing om sodoende daaraan sin te gee, en gebruik 'n verskeidenheid vertolkende praktyke in die strewe na 'n immer beter begrip van die onderwerp.

Een van die maniere waarop kwalitatiewe navorsers nader aan studiedeelnemers se perspektiewe kan kom, is deur uitvoerige onderhoude. Onderhoude bied 'n betroubare en geldige weergawe van gebeure wat werklik in mense se lewens plaasvind. Die doel van 'n onderhoud is dus om inligting oor die navorsingsonderwerp van die studiedeelnemers in te samel. Rubin en Rubin (in Lichtman 2006:117) reken verder 'n onderhoud kan gebruik word om te bepaal wat 'n deelnemer oor sekere dinge dink of voel, of om die gedeelde betekenis te verken van mense wat saam woon of werk.

Gedurende die onderhoude wat in hierdie studie gevoer is, het die navorser daarop gelet om 'n situasie te skep waarin die individu sy of haar gevoelens, bedoelings en gedagtes oor die hantering van dwelmafhanklike leerders in sekondêre skole openbaar kon maak (vgl Lichtman 2006:117). Hiervoor moes die navorser deurentyd aanpasbaar en buigsaam bly, 'n goeie luisteraar wees om later oor die deelnemers se denke en gevoelens te besin, en ook neutraal en onpartydig wees, veral ook uit die aard van die dissiplinêre verhore van leerders waartoe toegang bekom is.

3.5.2 Keuse van deelnemers

Volgens McMillan en Schumacher (2001:433) begin die keuse van deelnemers aan diepteonderhoude met 'n beskrywing van die gewenste kenmerke of profiel van persone wat oor kennis van die onderwerp sal beskik, asook respondente wat tydens hulle skoolopleiding aan

dwelms verslaaf was en aan hierdie tipe dissiplinêre verhore blootgestel was. Dit blyk ook waar te wees van hierdie studie, waarvan die persone wat direk en intensief by die navorsing betrokke was, die twee gekose skole se skoolbeheerliggame en lede van die skoolbestuurspanne wat verantwoordelik is vir dissiplinêre verhore van leerders wat hulle skuldig maak aan dwelmmisbruik.

Deur doelbewuste steekproefneming- wat Punch (2005:187) beskryf as steekproefneming met 'n spesifieke doel of fokus in gedagte – is deelnemers dus gekies wat bruikbare data kon lewer oor hoe leerders wat dwelms gebruik, hanteer word. Aangesien die lede aktief betrokke is by die dissiplinêre verhore van leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak, was hulle die kundigste persone om te raadpleeg in die lig van die navorsingsvraag (vgl Flick 2007:30).

3.5.3 Onderhoudskedule, onderhoude en aanvullende dokumente

Die vrae wat gedurende 'n onderhoud gestel word (en dus deel uitmaak van die onderhoudskedule), moet direk met die navorsingsvrae van die studie verband hou. Die doel van die onderhoudskedule is dus om inligting in te win waarmee die navorsingsvrae beantwoord kan word. Die navorsing in hierdie studie was gegrond op 'n semigestruktureerde onderhoud. Volgens Merriam (1998:74) is die vrae en woordkeuses in 'n semigestruktureerde onderhoud meer buigsaam, en word 'n mengsel van meer en minder gestruktureerde vrae gestel.

Ook word die presiese bewoording van óf gewenste antwoorde op die vrae nie vooraf bepaal nie. Die in diepte-onderhoud is bedoel om deur middel van vrae data of inligting te verkry (McMillan en Schumacher 2001:443), waardeur die navorser sin of insig kan verkry oor hoe deelnemers of individue hulle wêreld beskou en die belangrikste gebeure in hulle lewens verklaar of verstaan. Ter voorbereiding vir die onderhoude in hierdie studie het die navorser gehandel volgens die riglyne van Taylor en Bogdan (in Merriam 1998:84), wat meen dat die volgende vyf aspekte voor die aanvang van onderhoude aandag moet ontvang:

- Die navorser se motiewe en voornemens in die doel van die ondersoek
- Die beskerming van respondente deur die gebruik van skuilname (in dié geval is skole en deelnemers se name weerhou)

- Die besluit oor wie die finale sê oor die inhoud van die studie het
- Betaling (indien enige)
- Logistiek ten opsigte van tyd, plek en die getal onderhoude wat geskeduleer moet word

Deur indiepte-onderhoude met die beheerliggaamlede wat betrokke is by die dissiplinêre verhore van leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak, is 'n beter begrip gevorm van die omvang van die dwelmprobleem op skool en hoe die beleidsriglyne oor dwelmmisbruik ingevolge die Skolewet deur die beheerliggame vertolk en geïmplementeer word. In dié proses is daar aan die volgende voldoen:

- Die navorser moes minder as die deelnemers of respondente praat.
- Die navorser het by die aanvang van die onderhoud die doel en fokus van die navorsing aan die deelnemers verduidelik.
- Die onderhoude het in die natuurlike omgewing plaasgevind waar beheerliggame dissiplinêre verhore hou.
- Onderhoude het in die deelnemers se moedertaal, naamlik Afrikaans, geskied.
- Vrae is eenvoudig gestel om te verseker dat deelnemers die vrae verstaan.
- Dubbelsinnige vrae is te alle tye vermy.
- Emosionele vrae en betrokkenheid is deurgaans vermy.

Die skoolhoof, twee onderwyserverteenwoordigers sowel as vier ouerverteenwoordigers van elke skool is vooraf via die skoolhoof oor die datum, tyd en plek van die onderhoude ingelig. Die onderhoude is ná skool en gedurende sowel as na afloop van dissiplinêre verhore gehou. 'n Onderhoudskedule is vooraf aan die twee skole voorsien. Alle vrae is in die deelnemers se moedertaal gestel.

As agtergrond- en aanvullende inligting is dokumente in die vorm van die twee gekose skole se interne beleide oor leerders wat dwelms misbruik, bestudeer. Hierdie dokumente dien as riglyn vir hoofde en skoolbeheerliggame gedurende dissiplinêre verhore van dwelmafhanglike leerders.

3.6 Data-ontleding

Die doel met data-ontleding is om die inligting wat uit die data na vore kom, sinvol te konstrueer. Merriam (1998:155) beweer die proses van dataontleding is dinamies en word meer intensief hoe verder dit vorder. Dit sluit aan by Henning en kollegas (2004:127), wat reken dat dataontleding 'n nieliniêre, voortdurende en ontluikende proses is. In 'n kwalitatiewe ontleding val die klem daarop om op 'n stelselmatige, omvattende en streng wyse betekenis te ontlok (Henning *et al.* 2004:217). Schwandt en kollegas (2001:7) beaam dat 'n ontleding streng, stelselmatig, gedissiplineerd en metodologies gedokumenteerd moet word.

In hierdie navorsing is data ontleed namate die ondersoek gevorder het. Die data het bestaan uit onderhoude met skoolhoofde, skoolbeheerliggame, skoolbestuurspanne asook voormalige respondente wat dwelms op die twee gekose skole gebruik het, en is ontleed om die implementering van die beleid oor dwelmmisbruik in sekondêre skole te verken. Die data-ontleding was op die volgende beginsels van Henning en kollegas (2004:127,128) gegrond:

- Kwalitatiewe ontleding het deurlopend deur die hele data-insamelingsproses plaasgevind. Die soeke na verskille en ooreenkomste het deel uitgemaak van die proses.
- Die ontleding het met die lees van al die tersaaklike data begin, waarna dit in kleiner, sinvoller eenhede ingedeel is.
- Datasegmente is gevorm om teorieë te bou, wat impliseer dat die navorsing induktief is, in pas met die tipering van kwalitatiewe navorsing in die literatuuroorsig in hoofstuk 2.
- Die navorser het vergelykings gebruik om konseptuele ooreenkomste uit te wys en patrone te ontdek.
- Kategorieë was buigsaam en kon gedurende die ontleding verander word.
- Die navorser het te alle tye seker gemaak dat die ontleding oor respondente se werklike opvatting handel.

3.7 Objektiviteit, geldigheid (etiek) en betroubaarheid van die navorsing

Die navorser se rol is dié van objektiewe waarnemer, wie se betrokkenheid beperk is tot die verkryging van die tersaaklike data. Hoewel Kirk en Miller (1986:10) objektiviteit as 'n

dubbelsinnige konsep beskou, reken Neuman (2003:571) objektiwiteit beteken dat navorsers onbevooroordeeld, neutraal en sonder persoonlike menings oor deelnemers se sienings moet wees. Neuman noem ook dat objektiwiteit in kwalitatiewe navorsing bepaald daarna verwys dat die deelnemers die praatwerk moet doen. Aangesien dít beslis die geval was in hierdie studie, en die navorser juis die onderwerp uit die oogpunt van die implementeerders van die beleid oor dwelmmisbruik in skole ondersoek het, kan die navorsing as objektief beskou word.

Navorsing kan as geldig beskou word indien dit meet, toets of verken wat dit veronderstel is om te meet, te toets of te verken (Punch 2005:97). Volgens Punch (2005:97) hou geldigheid ten nouste verband met die afleidings wat uit die navorsingsbevindinge gemaak word. Die navorser wou met hierdie ondersoek verken hoe twee gekose sekondêre skole die beleid oor dwelmmisbruik onder leerders toepas, hoe sulke leerders hanteer word en watter effek dit op die leerders se skoolleer het. Gevolgtrekkings en afleidings is dus ook streng tot hierdie onderwerp beperk. Volgens Merriam (1998: 198) word geldigheid in kwalitatiewe navorsing ook verseker deur die ondersoek op 'n etiese wyse uit te voer. Etiek behels om deelnemers se regte te beskerm en ander etiese oorwegings in die aanbieding van die navorsingsresultate in ag te neem (Merriam 1998:213). Om aan alle etiekvereistes te voldoen, het die navorser die volgende maatreëls getref. Toestemming is van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, die betrokke skoolhoofde, skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame verkry om die navorsing by die twee gekose skole uit te voer.

Die skoolhoofde en beheerliggame is versoek om die etiekdokumente wat die riglyne van die navorsing uiteensit, te onderteken. Die hoofde en beheerliggame was ten volle bewus daarvan dat deelname geheel en al vrywillig is. Die navorser het boonop onderneem om in geen stadium enige persoonlike inligting van deelnemers bekend te maak nie en om respondente se menings en opvattinge te alle tye te respekteer (vgl Neuman, in Truter 2013:52). Hierdie studie is gevolglik in alle opsigte geldig en eties.

Betroubaarheid, in die laaste instansie, verwys na die mate waarin navorsingsbevindinge herhaal kan word (Merriam 1998:205), met ander woorde die mate waarin 'n enkele werklikheid wat

herhaaldelik bestudeer word, of 'n enkele tegniek of strategie wat herhaaldelik toegepas word, dieselfde resultate sal oplewer. Volgens Andrande (2009:50) moet navorsing wat binne 'n vertolkende paradigma plaasvind, betroubare en sinvolle resultate kan oplewer. Die betroubaarheid van die data in hierdie studie is verseker deur die kwalitatiewe data in die vorm van onderhoude in te samel en deur die beantwoording van die vrae op band op te neem.

Hoofstuk 4: Data- aanbieding

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die data aangebied wat met behulp van die semigestruktureerde onderhoude met die deelnemers in die gekose twee Wes-Kaapse sekondêre skole ingesamel is. As 'n onontbeerlike deel van hierdie studie oor die hantering van leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak, was die onderhoude bepaald daarop afgestem om ondersoek in te stel na hoe die nasionale en provinsiale beleid oor dwelmmisbruik in skole daar uitsien en deur skole vertolk en geïmplementeer word, in watter mate skole se interne beleid oor dwelmmisbruik by die nasionale en provinsiale beleid aansluit, en hoe die skole leerders behandel wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak.

Ses stelle onderhoude is by twee sekondêre skole gevoer (drie by elke skool). By albei skole maak 'n groot aantal leerders hulle aan dwelmmisbruik skuldig en het dié verskynsel veral die afgelope drie jaar hand oor hand toegeneem. Die onderhoude is met die toestemming van die hoofde van albei skole gevoer. Die deelnemers aan die onderhoude was diegene wat betrokke is by die hantering van die dwelmafhanklike leerders namens die skool, asook respondente wat dwelms op skool misbruik het. Hulle het bestaan uit twee opvoeders (onderwyserverteenwoordigers uit skoolbestuurspan), vier beheerliggaamlede (ouervertteenwoordigers wat die beheerliggaamvoorsitter en –ondervoorsitter insluit) en die skoolhoofde wat die dissiplinêre verhore by hulle onderskeie skole lei. Volgens protokol word die name van die skole en deelnemers weerhou en word daar na die skole as skool A, skool B en respondente verwys.

Die onderhoudskedule het uit ses temas bestaan (sien bylae 1). Tema 1 handel oor die aard en omvang van dwelmmisbruik by die gekose skole. Tema 2 hou verband met hoe dwelmmisbruik die skole se daaglikse funksionering beïnvloed, onder meer dwelmmisbruikers se sosialisering met die res van die skool. Tema 3 gaan oor hoe die skole die beleidsriglyne ervaar wat die Onderwysdepartement neerlê met betrekking tot die hantering van leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak, en oor of daar enige beleidsgaping bestaan. Tema 4 handel oor die implementering van die beleid in skole. Hier val die klem op die skole se ervaring en aanvaarding van die beleid in konteks. Die skole se ingesteldheid teenoor die beleid en implementering

daarvan binne hulle eiesoortige omstandighede word ondersoek. Tema 5 handel oor hoe die skoolbeheerliggaam en skoolbestuurspan in die besonder hierdie probleme hanteer en watter ondersteuning die skool aan die leerder bied wat in die dwelmstrik vasgevang is. Laastens hou tema 6 verband met die effek van die wyse waarop skole die probleem van dwelmmisbruik hanteer, met bepaalde klem op die effek op dwelmmisbruikers se skoolleer en verdere leergeleentehede. Ek orden gevolglik die data volgens temas om groter samehangenheid te skep.

4.2 Konteks van die twee gekose skole

Skool A is geleë in 'n landelike omgewing. Ongeveer 40% van die leerders kom van plase, en busvervoer is 'n daaglikse uitdaging. Sommige leerders staan reeds 05:00 op om betyds by hulle opklimpunte te wees. Van die leerders kom eers weer tussen 16:00 en 16:30 tuis. Hierdie toedrag van sake het 'n negatiewe uitwerking op leerderprestasie. Daarbenewens bedien skool A ook leerders van 'n informele nedersetting van 'n naburige dorp. Die distrik waarin skool A geleë is, gaan boonop gebuk onder 'n hoë vigssyfer.

Skool B bedien ook 'n landbouomgewing. Hier het busvervoer 'n kleiner impak op leerders se lewens omdat diegene wat die bus skool toe en terug haal 'n kleiner persentasie uitmaak van die totale leerdertal vergeleke met skool A. Skool B word omring deur subekonomiese woonbuurte en 'n laekostebehuisingsprojek, en daar is ook 'n informele nedersetting agter die skool. Van die leerders kom uit huise waarin smokkelhandel bedryf word. Hier is gesins- en bendegegeweld, molestering en seksuele vergrype 'n bestaansrealiteit. Die sporadiese gevegte wat uitbreek, gaan meestal om oorlewing eerder as om grondgebied. Dit het 'n negatiewe impak op leerders, veral op hulle skoolprestasie. Tienerswangerskappe, vroeë skoolverlating, 'n lae opvoedingspeil, werkloosheid en 'n toename in staatstoelaes kenmerk die toevoergemeenskap van skool B. In 2014 alleen is 30 tienerswangerskappe by skool B aangemeld (skoolhoof B).

Om te oorleef en 'n mate van beskerming te geniet, word baie leerders gedwing om by bendes aan te sluit. Dié beskerming kom egter teen 'n prys: Baie leerders word 'n 'werknemer' van die bendeleier, wat die bende se grondgebied beheer (skoolhoof A). Die moontlikheid dat sulke leerders later met dwelms deurmekaar raak is dus sterk, en dwelmmisbruik is 'n reuse-uitdaging vir albei skole. In albei skole is daar leerders wat aan die hoof van huishoudings staan, hetsy vanweë ouers wat werk, werkloos is, of in 'n inrigting soos die tronk of 'n rehabilitasiesentrum is.

Net soos by skool A, het bendebedrywighede ook na die toevoergemeenskappe van skool B oorgespoel.

Alhoewel die twee skole onder verskillende kwintiele val, met skool A in kwintiel 3 en skool B in kwintiel 2, is daar dus heelwat ooreenkomste tussen hulle sosio-ekonomiese kontekste. Albei skole bedien kinders van plaasarbeiders en fabriekswerkers. Nie een van die twee gemeenskappe beskik oor enige ontspanningsgeriewe vir jongmense nie. 'n Voorbeeld van ontspanning vir hierdie leerders is om op Sondae in die hoofstrate te sit en kyk na die motors wat deur die dorp ry. Indien 'n leerder nie drink of dwelms gebruik nie, bied die gemeenskap en omgewing baie min om te doen. In sommige huishoudings is families geheel en al afhanklik van staatstoelaes (skoolhoof A). Nóg 'n ooreenkoms is dat baie ouers van albei skole seisoenswerkers is en soggens vroeg die huis verlaat om te gaan werk. Albei gemeenskappe gaan gebuk onder bendegegeweld, bendevorming en 'n hoë mate van smokkelhandel. Albei gemeenskappe word geteister deur tienerswangerskappe, alkohol- en dwelmmisbruik, werkloosheid en gedeeltelike morele verval. By albei skole is daar ook ouers wat as gevolg van drank- en dwelmmisbruik nie juis belangstelling in hulle kinders se daaglikse lewens toon nie.

Nie een van die skole se konteks is bevordelik vir leerderprestasie nie. Tog is daar in albei skole leerders wat akademies en andersins, soos op sportgebied, uitstyg en presteer.

4.3 Tema 1 en 2: Die aard en omvang van dwelmmisbruik by die gekose skole

Dwelmmisbruik het by hierdie twee skole die afgelope drie jaar skerp toegeneem (skoolhoof A en B). Albei skole erken dat die nasionale beleid oor dwelmmisbruik nie voorsiening maak vir die aard en omvang van dwelmmisbruik in hulle skole nie (Aldus skoolhoofde A en B). Redelik baie leerlinge gebruik dwelms of alkohol. Skool A vind dit moeilik om die presiese getal te bepaal, omdat die skool nie altyd kennis dra van alle leerders wat met dwelms of alkohol deurmekaar is nie.

By skool B neem baie van die leerders hulle toevlug tot dwelms vanweë hulle huislike omstandighede. Skool A erken dat hulle nie oor stelsels beskik om vas te stel wie dwelms gebruik nie, en ook nie kennis dra van sodanige stelsels wat ander skole dalk implementeer om

die omvang van die probleem vas te stel nie. Skool A se kennis van die probleem strek bloot so ver soos gevalle wat op die skoolterrein self voorkom.

Die hoof van skool B erken dat hulle nie leerders kan etiketteer bloot as gevolg van die gemeenskap waaruit hulle kom nie. By skool A was daar al gevalle waar leerders in besit van dwelms gekry is, sowel as gevalle waar leerders in skooltyd dagga of tik gebruik (onderwyser, skool A). Van die leerders wat dwelms misbruik, verkoop dit ook aan medeleerders namens dwelmsmokkelaars. By skool B het leerders met werklose ouers ook dwelms namens bendes begin verkoop om 'n inkomste te verdien.

Dus, reken 'n onderwyser by skool A, omdat die omvang van die dwelmprobleem nie meetbaar is nie, skep dit 'n uiters kritieke situasie, en kan die skool nie byhou met die toename in leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak nie (onderwyser skool A). Ook by skool B is die dwelmprobleem kritiek omdat die skool nie die werklike omvang van die probleem kan bepaal buiten gevalle waarvan die skool self bewus is nie. Die hoof van skool B erken dat die nasionale beleid oor dwelmmisbruik nie werklik oor die omvang van dwelmmisbruik op skool uitwei nie; dit bied slegs "vae" riglyne oor hoe daar gedurende die visentering van 'n leerder opgetree moet word (onderwyser skool B). Bykans elke week word nuwe gevalle aangemeld, dikwels leerders van wie die skole dit die minste verwag.

Vanweë die omgewing waarin hulle geleë is, kan nie een van die skole kinders wegwys nie, omdat hulle die naaste aan die leerders se huise is. Indien die skole leerders sou wegwys, sou dit leerders van openbare vervoer, soos taxi's of busse, afhanklik maak om by ander, verafgeleë skole te kom. Dit sal verdere finansiële druk op die ouers of voogde plaas, omdat slegs leerders wat 5 km en verder van skole bly van –staatsvervoer mag gebruik maak en op skoolbusse mag klim. Wanneer die skole 'n leerder inneem, kan hulle nie die leerder voor die voet as 'n dwelmgebruiker etiketteer bloot vanweë die gebied waaruit hy/sy kom nie. In albei skole maak al hoe jonger leerders hulle aan dwelm- en alkoholmisbruik skuldig. Die skole word slegs bewus van sulke gevalle wanneer die leerders by die skool self met dwelms betrap word, onder die invloed van dwelms skool toe kom, of deur 'n mede-leerder verkla word en die skool dan ondersoek instel (onderwyser skool A)

Die omvang van die dwelmprobleem vererger ook deurdat bendeleiers leerders gebruik om byvoorbeeld dwelms te versteek op die plase waarvandaan die leerders kom. Albei skole erken dat die ouers in baie gevalle bewus is daarvan, maar dit weens 'n gebrek aan inkomste toelaat, omdat die leerder dan in die res van die gesin se daaglikse behoeftes voorsien. Hierdie leerder sal byvoorbeeld 'n brood vir die aand koop of R10 se krag koop (beheerliggaamlik skool A). Van die leerders vervoer ook dwelms namens smokkelaars op skoolbusse en oorhandig dit aan die smokkelaar voordat die leerder die skoolterrein betree (skoolhoof B). Dwelmbase misbruik dus van die leerders, wat swaar gebuk gaan onder armoede en enigiets sal doen om te oorleef.

Dwelmmisbruik by albei skole neem skerp toe, en dit word al hoe moeiliker om die omvang van dwelmmisbruik by die skole te bepaal. Die skole dra ook nie kennis van alle leerders wat dwelms misbruik nie, omdat hulle geen stelsel beskik om dwelmmisbruik te moniteer nie. Die skole is bloot bewus van aangemelde gevalle en gevalle waar leerders dwelms aan mede-leerders verkoop. Baie leerders verkoop dwelms om te oorleef, en dit veroorsaak dat getalle daaglik toeneem.

Die nasionale beleid oor dwelmmisbruik is nie geskik om die omvang van dwelmmisbruik in skole te hanteer nie, omdat dit slegs riglyne bied waarvolgens daar opgetree moet word om vermeende dwelmmisbruikers te deursoek en te toets. Die skole se taak om dwelmverslaafdes te identifiseer, word verder daardeur bemoeilik dat sulke leerders nie noodwendig ontwrigtend is in klasse nie. Slegs wanneer dié leerders 'n oortreding began, word die skool van die dwelmprobleem bewus. Leerders het ook slinkse maniere om hulle dwelmprobleem weg te steek. 'n Kommerwekkende tendens is dat leerders wat dwelms gebruik, al hoe jonger word. Skole kry ook nie juis veel samewerking van ouers nie, wat hetsy werkloos is of geen belangstelling toon nie.

4.4 Tema 3: Hoe die skool die Onderwysdepartement se beleidsriglyne oor dwelmmisbruik onder leerders ervaar, en of daar enige beleidsgaping bestaan

Volgens die onderskeie hoofde, moet die skole die leerder wat hom of haar aan dwelmmisbruik skuldig maak, by die tersaaklike provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling aangemeld word. So 'n leerder mag op staatsonkoste behandeling ontvang. Hierdeur word daar vir leerders se regte voorsiening gemaak (Kinderwet 38 van 2005). Die onderwysdepartement

meen dat leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak, gerehabiliteer behoort te word. Die skool moet in samewerking met die ouers, die skoolsielkundige en maatskaplike dienste hierdie leerders probeer help (Lewensoriëntering-onderwyser, skool A)

Tog verskil beleid op skrif van beleidsuitvoerbaarheid in die praktyk. Volgens die hoof van skool A ontwikkel skole teen so 'n vinnige tempo dat skole nie meer weet of daar nog geldige maatreëls is nie. Die respondente by skool A reken dat die beleid skole gewoon aanmoedig om oortredings in kategorieë te plaas, en indien leerders hulle aan 'n oortreding in die kategorie van ernstige wandade skuldig maak, waaronder dwelmmisbruik, is skorsing, uitsetting of waarskuwing 'n geldige stap (vakhoof, skool A).

Skool B reken dat dwelmmisbruik onder leerders al hoe moeiliker hanteerbaar raak vir die Departement, en glo ook dat die Skolewet dit onmoontlik maak om leerders te skors. Volgens die respondente by albei skole kniehalter die Skolewet doeltreffende optrede deur skole en skoolbeheerliggame (beheerliggaamlid, skool A). Volgens skool A is die hoof veronderstel om hierdie soort sake te ondersoek en sy oordeel te gebruik. Sodra die hoof sy oordeel gebruik het en besluit om die aangeleentheid te oorhandig en aan te meld vir skorsing, moet die saak binne sewe dae na die oortreding aan die skoolbeheerliggaam oorhandig word. Nadat die hoof hierdie stap gedoen het, moet hy terugstaan van die saak. Die hoof is teenwoordig, maar kan nie die aanklaer of ondersoekbeampte wees soos in die verlede nie (skoolhoof B). Voorheen kon hoofde die rol van aanklaer sowel as ondersoekbeampte vertolk.

Skoolhoof A noem dat hoewel daar 'n behoefte is aan 'n meganisme om die probleem te verhoed of te verminder, daar 'n opvatting bestaan dat energie eerder daaraan gewy word om maniere te vind om die beleid te "sideline". Deur die beleid oor dwelmmisbruik te sistap, hoef skole immers nie hulle energie en tyd te wy aan leerders wat dwelms misbruik nie. Volgens respondente by albei skole vra sommige skole die ouers of voogde van leerders wat dwelms misbruik, om die leerders uit die skool te haal en by 'n ander skool te gaan inskryf. Skool A beweer ook dat skoolsielkundiges niks doen om die probleem te help oplos nie, dalk omdat hulle te veel gevalle het om te hanteer (onderwyser, skool A). Nóg 'n onderwyser beweer die Onderwysdepartement het 'n "laissez faire"-beleid, omdat skole self moet opsnork en probleme

moet oplos (onderwyser, skool B). Die betrokke onderwyser noem egter ook sy weet nie juis wat die nasionale beleid oor dwelmmisbruik in skole behels nie, want volgens haar raak dit haar nie persoonlik of professioneel nie.

Volgens skool B verdwyn die ouer van die dwelmafhanglike leerder dikwels uit die prentjie en moet die skool dan self alles vir hierdie leerder doen. Die skool moet toesien dat die leerder 'n skoolsielkundige of maatskaplike werker spreek en by 'n rehabilitasiesentrum uitkom. Skool B meen hierdie leerders moet verwys word sodat hulle die nodige ondersteuning en behandeling kan ontvang, en mag nie geskors word nie. 'n Onderwyser by skool A reken die nasionale beleid oor dwelmmisbruik is onvoldoende en vol leemtes, maar maak dit steeds duidelik dat geen leerder as gevolg van dwelmmisbruik of dwelmverwante aktiwiteite geskors mag word nie. Volgens hierdie onderwyser is die beleid oor dwelmmisbruik ver verwyder van hoe dinge daaglik in skole verloop.

Skool A meen die beleid oor dwelmmisbruik is baie omslagtig, deurdadig, net riglyne bied oor hoe die leerder hanteer moet word en watter stappe die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde mag doen ingeval 'n leerder onder die invloed van dwelms is of in die besit van dwelms betrap word (Skolewet 84 van 1996: artikel 8 A). Voorts beweer skool A bied die nasionale beleid op dwelmmisbruik net riglyne oor wat gedurende die visentering en toetsing van so 'n leerder moet gebeur. Volgens skool A is die Onderwysdepartement nie betrokke by die proses van rehabilitasie nie (beheerliggaamlid, skool B). Geen riglyne word dus voorsien oor wat in die tydperk van afwesigheid gedurende die rehabilitasieproses moet gebeur nie.

Respondente by albei skole erken die nasionale beleid oor dwelmmisbruik lyk op skrif "baie mooi", maar die praktiese uitvoerbaarheid en implementering daarvan in skole is nie so maklik nie. Die beleid op skrif is geen antwoord of oplossing vir wat op grondvlak gebeur nie. Die Onderwysdepartement doen weinig om die probleem van dwelmmisbruik onder leerders te hanteer. Die skool doen wat hy veronderstel is om te doen, en wanneer die ouer dan by die Onderwysdepartement kla, skaar die Departement hom in die meeste gevalle by die ouer, selfs al het die skool die korrekte riglyne gevolg.

4.5 Tema 4: Die implementering van die beleid oor dwelmmisbruik in skole

Skole stel hulle interne beleide na aanleiding van die Onderwysdepartement se riglyne op. Hierdie riglyne bied leiding aan skole oor hoe hulle leerders moet hanteer wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak (onderwyser, skool B). Skool A en B blyk egter die beleid oor dwelmmisbruik verskillend te implementeer.

Om vermoedens van dwelmmisbruik te probeer bevestig, maak hulle van die plaaslike hospitaal vir toetsing gebruik, of vra die ouer of voog om die betrokke leerder te laat toets. By bevestiging van dwelmmisbruik, of wanneer 'n leerder in skool A met dwelms handel dryf en daarmee betrap word, word dit by die skoolhoof aangemeld. Die hoof word in alle gevalle eerste in kennis gestel, en stel dan op sy beurt die ouers in kennis (onderwyser, skool A). Volgens skool A probeer die skool pragmatiese reëls volg en “tussen die lyne” speel (onderwyser, skool A) met die implementering van die beleid oor dwelmmisbruik. Binne sewe dae na die oortreding kan die skool na goedgehande handel en die saak aan die beheerliggaam of die plaaslike OBOS oorhandig.

Tog gebeur dit selde dat skool A die OBOS in kennis stel van leerders wat dwelms misbruik of met dwelms betrap word (onderwyser, skool A). In hierdie besluit oorweeg skool A die sosiale omstandighede van die leerder, die omstandighede van die ouers, of dit 'n eerste oortreding is, en die aard van die oortreding. In die meeste gevalle probeer skool A die probleem self oplos, sonder die hulp van die beheerliggaam (beheerliggaamlid, skool A). Volgens skool A word die nasionale beleid oor dwelms in skole nie altyd nageset gevolg nie (onderwyser, skool A). By skool A het hulle tot die besef gekom dat as 'n kind aan dwelms verslaaf of daarmee deurmekaar is, so 'n kind nie bloot geskors en die probleem dan as opgelos bekou kan word nie. Skool A betrek die ouers by die probleem waarmee die kind worstel. Ouervergaderings word gebruik om die ouers oor hulle kind se probleem in te lig, veral aangesien die skool vind dat die ouers in die meeste gevalle beweer dat hulle nie van so 'n probleem kennis dra nie. Skool A kom ook met die ouers daarvoor ooreen dat indien die probleem wéér kop uitsteek en die leerder nié uit sy of haar foute leer nie, die ouer so 'n kind vrywillig aan die skool sal onttrek totdat die probleem opgelos is (skoolhoof A), omdat skool A nie “ruimte vir sulke probleme het nie”. Skool A het ook

beamptes van die plaaslike maatskaplike dienste wat op 'n weeklikse grondslag die skool besoek (Lewensoriëntering-onderwyser, skool A).

In teenstelling met skool A, verwys skool B die leerder onmiddellik na die skoolbeheerliggaam vir 'n dissiplinêre verhoor, waar die ouers of voogde ook teenwoordig moet wees. Skool B probeer geen onderskeid tref tussen sy leerders wat dwelms misbruik nie. Terwyl die vertolking en implementering van die beleid oor dwelmmisbruik gedurende die verhoor, sowel as die bewyse teen die leerder wat by die verhoor aan die lig kom, by skool A die sanksie teen die leerder bepaal (skoolhoof A), probeer skool B ál sy leerders wat dwelms misbruik onmiddellik in samewerking met die plaaslike OBOS vir rehabilitasie stuur (onderwyserverteenwoordiger, skool B). By die verhoor word daar egter besluit of die leerder vir rehabilitasie moet gaan of vir sewe dae uit die skool geskors moet word. Skool B neem die standpunt in dat indien 'n leerder vrywillig instem om 'n rehabilitasieprogram te volg, die skool die leerder nie moet skors nie, maar moet ondersteun. Skool B het al dwelmafhanglike leerders na verskillende rehabilitasiesentrums gestuur, en in baie gevalle het ouers deel uitgemaak van hulle kinders se rehabilitasieproses. Maatskaplike werkers en die polisie het sessies gereël, en dan word daar van die leerders verwag om sodoende "skoon te kom". Dissipline by skool B is van hoogstaande gehalte, en daarom word die aangeleentheid baie ernstig met dwelmafhanglike kinders en hulle ouers bespreek, veral in die korrespondensie van die skool aan die ouers.

Ouervergaderings word ook gebruik om die saak met ouers te bespreek, en skool B skroom nie om ouers te ontbied sodra daar 'n vermoede bestaan dat hulle kinders dwelms gebruik nie. Soos skool A, meld skool B ook aan dat sommige ouers 'n ontkennende houding inneem wanneer hulle met die vermoedens gekonfronteer word dat hulle kind aan dwelms verslaaf is. Skool B reken ouers is wel in die meeste gevalle bewus van die dwelmprobleem, maar tree nogtans ontwykend en ontkennend op eerder as om dit te erken. Dít maak ouers dikwels deel van die probleem, meen die skool. Skool B het 'n punt bereik waar hulle nie meer die maatskaplike werker en sielkundige se verskonings oor 'n tekort aan menslike hulpbronne, 'n te groot bedieningsgebied of 'n te swaar werkslas aanvaar nie (onderwyserverteenwoordiger, skool B), want vir hierdie skool is elke leerder se persoonlike probleme 'n prioriteit. Skool B dring dus op

hulle dienste aan, want dit is hulle plig om aan die skool bystand te verleen. Skool B beweer dat hulle al talle skrywes aan die distrikskantore gerig het, maar tot hulle spyt geen antwoord op die dwelmprobleem in skole van die amptenare by die distrikskantore ontvang het nie (skoolhoof B).

Wat die klaskamer betref, is albei skole baie ernstig oor skoolleer. Daar word gereeld 'n beroep op opvoeders gedoen om sodra 'n kind gedragsprobleme toon, die leerder onmiddellik na die skoolhoof se kantore te verwys. Hier voer die onderskeie hoofde onmiddellike gesprekke met die leerders en hulle ouers. Volgens albei hoofde word daar gedurende hierdie gesprekke besluit of die saak na die beheerliggaam verwys moet word of nie, na gelang van die erns van die saak.

Albei skole probeer met behulp van hulle interne beleide die leerders na die plaaslike rehabilitasiesentrum verwys en voel dat die huidige beleid oor dwelmmisbruik uit is voeling met wat werklik in skole en gemeenskappe aangaan. Die skole probeer doen wat die beste vir hulle leerders is, maar is nie in alle gevalle suksesvol nie. Soms bereik die skool 'n punt waar hulle voel hulle het genoeg gedoen. Wanneer die soveelste verhoor van 'n dwelmafhanklike leerder gehou word, moet die skool aan sy ander leerders begin dink. Skole moet immers altyd die veiligheid van ál sy leerders in ag neem. In so 'n geval stel albei skole die sanksie van skorsing in.

4.6 Hoe die skoolbeheerliggaam en skoolbestuurspan die dwelmprobleem in skole hanteer

Beheerliggame is deur die Skolewet ingestel, ingevolge waarvan groter magte en bevoegdheid aan openbare skole toegeken is. Dit impliseer dat die skool 'n verantwoordelikheid en aanspreeklikheid het teenoor die gemeenskap waarbinne dit funksioneer. Twee belangrike beginsels van die Skolewet is inklusiwiteit en desentralisasie. Inklusiwiteit impliseer dat ouers, opvoeders, nie-opvoederpersoneel, leerders en ander lede van die gemeenskap wat bereid en in staat is om 'n bydrae tot die skool te lewer, sal deelneem.

Desentralisasie beteken weer dat besluite geneem moet word deur die persone wat die naaste aan 'n situasie staan. In hierdie geval die skoolbeheerliggaam en skoolbestuurspan wat dissiplinêre verhore van dwelmgebruikers op skool hanteer. Volgens Motimele (2005) is beide die skoolbeheerliggaam en skoolbestuurspan verantwoordelik om die regte van elke leerder ten opsigte van opvoeding te beskerm. Die skoolhoof verteenwoordig die onderwysdepartement in

die skoolbeheerliggaam wanneer hy of sy in 'n amptelike hoedanigheid optree. Die skoolhoof moet dus die beheerliggaam oor beleid en wetgewing inlig en op hoogte hou.

Volgens die Suid-Afrikaanse skolewet staan 'n beheerliggaam in 'n vertrouensposisie teenoor die skool, veral in die daaglikse funksionering van 'n skool. Die skolewet gaan ook verder deur te stip dat alle besluite wat deur die beheerliggaam geneem word, dit in die beste belang van enige leerder moet wees (Motimele 2005:8). Die belangrikste funksie van die beheerliggaam is dus die bevordering en voorsiening van gehalte onderrig by enige publieke skool. Ons moet egter onthou dat binne die Suid-Afrikaanse konteks is die bemagting wat aan beheerraadslede gegee word nie voldoende en korrek nie. Die skoolbestuurspan onder leiding van die skoolhoof, is verantwoordelik vir die professionele bestuur van elke openbare skool. Volgens die Skolewet geskied dié professionele bestuur deur die skoolhoof ingevolge die reëls en regulasies van die Onderwysdepartement. Professionele bestuur verwys na die bestuur van die daaglikse werksaamhede van die skool en sy personeel (Motimele 2005). Die skoolhoof en die skoolbestuurspan is dus verantwoordelik vir daaglikse kurrikulumbestuur.

Volgens Motimele (2005) beteken dit onbevoegdheid van sommige beheerliggaamlede dat heelwat beheerliggame nie doeltreffend funksioneer nie. Baie beheerliggaamlede is onseker oor die rol wat hulle moet vertolk, en die verantwoordelikheid wat daarmee gepaardgaan. Hierdie onbevoegdheid en onsekerheid is veral algemeen in ons armer gemeenskappe, waar baie van ons beheerliggaamlede geen of slegs gedeeltelike skoolopleiding ontvang het of half. Van Wyk en Marumola (2012) beweer dat skoolbeheerliggame nie goed ingelig is oor huidige wetgewing en belangrike beleide nie. Dit is dan hierdie selfde beheerliggaamlede, tesame met skoolbestuurspanne wat moet leiding neem by dissiplinêre verhore van leerders wat dwelms misbruik.

Skool A beweer dat sy beheerliggaam op hoogte bly van nuwe onderwyswetgewing. Skool B daarteen stuur sy beheerliggaam weer gereeld vir opleiding deur die Onderwysdepartement. Volgens skool B word daar ten minste vier keer 'n jaar beheerraadsopleiding by die plaaslike OBOS aangebied. Tog erken skool B dat sy beheerliggaamlede oor die algemeen nie baie

omvattende kennis van enige skoolbeleide het nie, veral nie van die beleid oor dwelmmisbruik nie. Skool A se beheerliggaam het slegs twee keer opleiding bygewoon. Die Onderwysbestuur en OBOS nooi beamptes van eksterne nie-regerings-organisasies om opleiding aan beheerliggaamlede te verskaf. Hierdie sprekers het baie boek kennis, skrik dikwels as hulle van die werklike situasies in skole hoor. Dikwels weet hierdie sprekers wat ook in stede aangaan, maar besef nie dat presies dieselfde met betrekking tot dwelmmisbruik op die platteland gebeur nie (skoolhoof B).

Skool A erken dat almal nie vertrou is met die Skolewet of interne skool beleide nie. Dié skool beskou beleide as slegs iets op papier, wat jaarliks hersien moet word. Wanneer die tyd vir hersiening aanbreek, word die datum van die beleid dikwels net verander. Skool A het sy beleide probeer hersien, maar was onsuksesvol omdat geen personeel insette gelewer het nie. Skool A reken voorts dit is 'n moeilike taak om beleide deur te werk en te hersien, omdat die inhoud van die riglyne van die Skolewet moet voldoen, wat meestal ver verwyder is van die werklikheid in skole (skool A). Skool B erken ook dat nie almal op hoogte is van die beleid oor dwelmmisbruik nie, omdat die skool sy beleide van tyd tot tyd aanpas (onderwyser, skool B). Skool B het sy beleide probeer aanpas om met die voorskrifte van die Skolewet te strook. Skool A verduidelik dat hulle nie werklik weet hoe om die beleid oor dwelmmisbruik prakties toe te pas nie. In die praktyk word die beleid maar na gelang van oortreding toegepas en probeer die skool eenvormig wees met hulle optrede en sanksies. Tog is dit nie altyd in die praktyk moontlik nie, en is die sanksies wat die skool aan dwelmafhanglike leerders oplê, nie altyd dieselfde nie.

Aangesien nie alle werklike situasies netjies binne die grense van die beleid val nie, reken skool A die uitdaging is om 'n meer pragmatiese beleid te kry, met meer praktiese riglyne wat vir skole meer uitvoerbaar is. Volgens skool A sal so 'n pragmatiese beleid "bou en heelmaak", want hulle kinders kom uit "stukkende wêreld" (skoolhoof A), synde gebroke, ouerlose of hawelose gesinne. As 'n mens na die leerder se ouer(s) en omstandighede kyk, is dit maklik om te begryp dat beleid en die daaglikse skoollewe baie ver uit mekaar lê (skool A). Juis om hierdie rede probeer skool B ook sy beleide so aanpas dat dit van toepassing is op die toevoergemeenskappe

van die skool (onderwyser-verteenwoordiger, skool B). Skool A beaam dit en noem dat hulle ook as gevolg hiervan die beleid oor dwelmmisbruik na gelang van die situasie toepas (skoolhoof A).

Ter illustrasie noem skool A die voorbeeld van 'n 14-jarige leerder wat gewoon is om saam met sy ouers en broers tuis dagga te rook. Die ouers van hierdie leerder sien niks verkeerd met die rook van dagga nie. 'n Ander leerder kom weer elke dag laat by die skool, want dit is sy werk om soggens pakkies dagga af te weeg en op te maak vir die dag se verkope- 'n taak waartoe sy oupa hom dwing.

Wanneer so 'n leerder dan vergelyk word met 'n ander dwelmgebruiker in die skool, meen skool A 'n mens moet die persoonlike faktore wat die saak 'n ander gedaante gee, in ag neem. Volgens skool A moet mens relevant wees in jou optredes teenoor sulke leerders. Die skool moet dus ontvanklik wees vir wat werklik om die skool aangaan (onderwyser-verteenwoordiger, skool A). Hoe daar egter na dié omringende werklikheid gekyk word, hang af van hoe die hoof sy diskresie en diskresionêre magte gebruik. Dit het tot gevolg dat sanksies teenoor leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak, weens beleidsgaping verskil. Volgens skool B moet die hoof sy oordeel gebruik oor hoe hy die situasie moet hanteer (skoolhoof B). Hy kan dalk besluit om die beheerliggaam slegs in kennis te stel of in te lig oor die feite van die saak, sonder om die aangeleentheid aan die beheerliggaam te oorhandig. Sodra die hoof die saak aan die beheerliggaam oorhandig, is dit onderworpe aan 'n ander vorm van sanksionering wat afgedwing word.

Volgens albei skole is rehabilitasie-sentrums meer geneig om leerders onder 16-jarige ouderdom by te staan as ouer leerders. Rehabilitasie-sentrums plaas leerders bo 17 jaar dikwels op waglyste, want hulle reken –hoe ouer die persoon, hoe langer gebruik hy of sy dalk al die dwelm en hoe hoe moeiliker en meer veeleisend is die rehabilitasieproses. Tog is dit ook moontlik dat 'n 17-jarige die dwelm die eerste keer gebruik, so daar is bepaalde veranderlikes wat in ag geneem moet word. Hoewel maatskaplike werkers en die plaaslike polisie in so 'n geval betrek word om die leerder te ondersteun en te help, voel skool A dat wie ook al dwelms gebruik, ongeag die duur van gebruik en die gebruiker se ouderdom, 'n kans op rehabilitasie gegun behoort te word.

Hierdie standpunt van rehabilitasie sentrums veroorsaak dat ouer dwelmverslaafdes vir sewe uit die skool geskors word. In hierdie tyd raak so 'n leerder agter met skoolwerk dat hy of sy weens die agterstand dikwels die skool op 'n vroeë ouderdom verlaat.

4.7 Tema 6: Die effek van die skool se hantering van dwelmmisbruik, veral wat betref leerders se skoolleer en verdere leergeleenthede

Volgens respondent X het hy op 16-jarige ouderdom gedurende sy hoërskool-opleiding begin dwelms gebruik. Respondent Y het weer op tienjarige ouderdom, gedurende sy laerskoolopleiding met dwelms-begin eksperimenteer. Respondent X het dwelms het dwelms begin gebruik om by sy vriende in te pas. Hierdie respondent se dwelmmisbruik het ook vererger toe sy oupa sterf en hy noodgedwonge by sy biologiese ouers moes gaan bly (respondent X). Respondent Y erken ook dat sy dwelmgewoontes weens sy vriende se invloed was, alhoewel hulle almal tussen nege- en 11-jarige ouderdom was. Respondent Y het dwelms gebruik omdat sy dit sy selfbeeld verbeter het (respondent Y). Albei respondente erken dat hulle voor, gedurende én na skool dwelms gebruik het, en dat dit ook sterk drank ingesluit het.

Respondent X erken hy was gedurig “hoog” en bedwelmd in die klas. Hy het geslaap of gemaak of hy na die onderwyser luister. Respondent X erken ook hy het hom nie veel gesteur aan wat in die klas en rondom hom aangaan nie. Daarteenoor was respondent Y spelerig in die klas en het dikwels die klas gedurende periodes ontwrig (respondent Y). Albei respondente erken hulle klasmaats het van hulle dwelmmisbruik geweet, maar was te bang om iets daarvoor te sê uit vrees vir konfrontasie. Volgens respondent X het die opvoeders geweet hy het 'n probleem, maar nooit melding gemaak van hulle vermoede dat hy dwelms gebruik nie. Hierdie respondent erken ook dat hy nooit met dwelms of onder die invloed van dwelms by die skool betrap is nie, waarskynlik omdat hy gewoonlik van die skool verdwyn het om sy dwelmbehoefte te gaan bevredig.

Daarteenoor erken respondent Y dat hy tussen periodes en gedurende pouses op die skoolterrein dwelms gebruik het en dat dit juis as gevolg hiervan is dat die skool hom uitgevang

het en kennis geneem het sy dwelmprobleem. Albei respondente beweer dat die skool hulle nie vir dwelmmisbruik laat toets het nie.

Volgens respondent X het sy ouers van sy dwelmprobleem uitgevind toe hy sy derde of vierde angsaanval kry. Respondent X se ouers het self vir hom professionele hulp gekry nadat hy aan hulle erken het dat hy dwelms gebruik. Hulp is van die plaaslike provinsiale hospitaal in samewerking met die plaaslike maatskaplike werker bekom en het daaglikse sessies ingesluit, wat beteken het dat die respondent vir twee maande nie kon skoolgaan nie. Die ouers het die skool laat weet dat dit as gevolg van 'n mediese probleem is, en die skool het dit so aanvaar. Volgens respondent X kon die skool nie hulp aanbied nie, want hulle het nie van sy dwelm probleem geweet nie. Hy is tans dwelmvry en wag op sy uitslae om hom verder as 'n natuurbewaarder te bekwaam.

Respondent Y se ouers het uitgevind toe die skool hulle daarvan in kennis stel. Volgens die respondent is sy ouers versoek om hom by die skool te kom haal, en hy summier vir vyf dae geskors, sonder enige dissiplinêre verhore. Respondent Y beweer ook dat die hoof hom gewaarsku het om nie met ander leerders in aanraking te kom nie. Hy kon slegs die skoolterrein vir sy eksamensessies betree, aangesien die gebeure gedurende 'n Junie-eksamen plaasgevind het. Die respondent beweer sy ouers was na die Junie-eksamen terug by die skool om hom sy skoolloopbaan te laat voortsit, maar die skool het hom 'n plek geweier. Die skoolhoof was ook te besig om sy ouers te woord te staan om sy dwelmprobleem en verdere skoolleer te bespreek (respondent Y). Die skool se standpunt was dat sy ouers hom moes laat toets en die skool van bewyse voorsien dat hy dwelmvry is (respondent Y).

Volgens respondent Y het sy ouers by 'n maatskaplike werker hulp bekom om hom na 'n rehabilitasie sentrum te stuur. Op die vraag of toe wel rehabilitasie ondergaan het, antwoord die respondent egter nee. Hy moes sy jongste skoolrapport of vorderingsverslag by die rehabilitasie-sentrum indien, maar die skool het glo gesloer om daarmee vorendag te kom (respondent Y). Gevolglik het die respondent sy kans op rehabilitasie én sy plek in die rehabilitasie-sentrum

verloor (respondent Y). Dit het ook na bewering daartoe gelei dat hy nie van 'n ander skool kon gaan nie, en moes hy die skool in graad 11 verlaat (respondent Y).

Albei respondente meen nóg hulle nóg hulle ouers was bewus van die beleid oor dwelmmisbruik in skole, en het hulle onderskeie skole ook nie die beleid aan hulle verduidelik nie. Die respondente beweer dat toe onderwysers van hulle dwelmgewoonte te hore kom, die onderwysers hulle “geteiken” het. Volgens hulle het die onderwysers se gedrag verander en het hulle skielik 'n negatiewe houding en negatiewe optrede teenoor die respondente openbaar. Hulle het die gevoel gekry dat die onderwysers hulle nie in die klas wou hê nie en alles tot hulle vermoë sou doen om hulle uit die klas te kry. Die respondente beweer is onder meer opsetlik uitgelok deurdat die onderwysers aggressief op getree het, hulle valslik beskuldig het, geïntimideer het en hulle karakter voor die ander leerders afgetakel het. Die respondente reken ook die onderwysers, administratiewe personeel en selfs die algemene werkers het saamgespan om hulle “ uit die skool te werk”. Tog erken hulle ook dat hulle nie ag geslaan het op onderwysers of mede-leerders wat hulle wel met hulle skoolwerk probeer help het nie.

4.8 Opsomming

Uit die voorafgaande data-aanbieding blyk dat die twee gekose skole nie altyd oor die meganismes of bronne beskik om leerders te help wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak nie, en dat dit 'n tekortkoming in hulle monderinge is. Daarom lewer die skole se hantering van hierdie leerders nie altyd 'n positiewe, konstruktiewe bydrae om die leerders weer op die regte pad te kry nie. Albei skole erken dat hulle sanksies teenoor dwelmafhanglike leerders van geval tot geval verskil. 'n Dwelmmisbruiker se huislike en persoonlike omstandighede speel by albei skole 'n groot rol wanneer daar op die toepaslike sanksie besluit word.

Albei skole beklemtoon dat die nasionale en provinsiale beleid oor dwelmmisbruik in skole nie in voeling is met die praktiese konteks waarbinne die beleid toegepas moet word nie, en dat daar dus 'n beleidsgaping bestaan. Voormelde beleide, meen die skole, bied slegs riglyne wat in geval van dwelmverwante oortreding gevolg moet word; tog het die hoofde en skoolbestuurspanne nie altyd die kennis om die die voorgeskrewe riglyne gedurende dissiplinêre verhore toe te pas nie. Die hoofde, skoolbestuurspanne en beheerliggame met wie daar onderhoude gevoer is, is

dit eens dat hulle nie weet hoe om die beleid oor dwelmmisbruik konsekwent uit te voer nie. Nog 'n voorbeeld van die gaping tussen die beleid op papier en die praktiese implementering daarvan is dat die beleid nie voorsiening maak vir die dwelmmisbruiker se voorgesette skoolleer nie. Indien 'n leerder rehabilitasie ondergaan, is skole onder geen wetlike verpligting om die leerder steeds van sy of haar skoolwerk te voorsien nie. Gevolglik kom skoolleer tot stilstand. Hierdie gaping in die beleid oor dwelmmisbruik veroorsaak dat sulke leerders dikwels die skool vroeg verlaat omdat hulle ná rehabilitasie met reuse-agterstande in hulle skoolwerk sit.

Wat duidelik uit die onderhouddata in hierdie hoofstuk na vore tree, is dat skoolhoofde, skoolbeheerliggame en skoolbestuurspanne –deels omdat hulle onvoldoende toegerus is; deels weens 'n gaping tussen beleidsriglyne en beleidsimplementering-dwelmggebruikers in die skool uiteenlopend en inkonsekwent hanteer. Dit gebeur dan ook dikwels ten koste van die kind se skoolleer en verdere leergeleenthede.

Hoofstuk 5: Data ontleding

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die data oor die hantering van dwelmmisbruik in die twee gekose skole wat in hoofstuk 4 aangebied is, ontleed en vertolk.

Die Departement van Basiese Onderwys het die nasionale beleid oor dwelmmisbruik ingestel om leerders te help wat in die dwelmstrik vasgevang is. Tog blyk die data daarop te dui dat hierdie beleidsriglyne nie die dwelmprobleem in skole doeltreffend genoeg hanteer nie, en dat daar 'n gaping tussen die riglyne op papier en die praktiese implementeringskonteks daarvan bestaan.

Die beleid bied byvoorbeeld slegs riglyne oor hoe die skool behoort op te tree indien 'n leerder onder die invloed van dwelms skool toe kom of met dwelms by die skool betrap word, maar slaag nie daarin om iets aan die werklike aard en omvang van die probleem te doen nie. Gevolglik neem die probleem hand oor hand toe, met 'n negatiewe uitwerking op die dwelmgebruikers self, hulle medeleerders en die hele skool. Opvoeders blyk ook swak toegerus te wees om met dwelmafhanglike leerders te werk. Skoolbeheerliggame en skoolbestuurspanne erken self dat hulle nie die beleid oor dwelmmisbruik ken of nie weet hoe dit gedurende dissiplinêre verhore toe te pas nie. Voorts maak die beleid nie voorsiening vir die voortgesette skoolleer van leerders wat rehabilitasie ondergaan nie. Hierdie aangeleenthede word verder in die data vertolking in die volgende gedeeltes ondersoek.

Die ontleding van die ingewinde data word sistematies en beskrywend aangebied deur die teoretiese lens wat in die literatuuroorsig in hoofstuk 2 saamgevat is, ten einde die navorsingsvrae te beantwoord. Die ontleding en vertolking onder die hofies aangebied, naamlik die aard en omvang van dwelmmisbruik, konteks van die twee gekose skole, hoe die skool die Onderwysdepartement se beleidsriglyne oor dwelmmisbruik onder leerders ervaar, en of daar enige beleidsgaping bestaan, die implementering van die beleid oor dwelmmisbruik in skole, hoe die skoolbeheerliggame en skoolbestuurspan die dwelmprobleem in skole hanteer, asook die effek van die skool se hantering van dwelmmisbruik, wat betref leerders se skoolleer en verdere leergeleenthede.

Nadat 'n beleid – soos die nasionale beleid oor dwelmmisbruik in skole – geformuleer is, word dit van bo na onder geïmplementeer, met ander woorde deur voorwaartse kartering. Die gevolge van dié beleid kan egter eers bepaal word nadat die beleid op grondvlak geïmplementeer is, met ander woorde deur terugwaartse kartering. Indien die uitkomst op grondvlak (skole) volgens terugwaartse kartering ooreenstem met die beleidsvormer (Onderwysdepartement) se oogmerke volgens voorwaartse kartering, is implementering suksesvol. Elmore (1980) sê immers die logika in terugwaartse en voorwaartse kartering moet mekaar in die middel ontmoet om suksesvolle implementering van beleidsbepalings moontlik te maak. Hierdie hoofstuk is dus daarop afgestem om te toon of dít wel in hierdie geval gebeur.

5.2 Die aard en omvang van dwelmmisbruik by skole in die konteks van hulle omgewing

Uit die staanspoor is dit belangrik om te noem dat aangesien mense se handeling uit 'n dinamiese wisselwerking met die fisiese kenmerke van hulle omgewing voortspruit, die leerders se dwelmmisbruik onvermydelik aan die hand van hulle lewensomstandighede verstaan behoort te word. Die woonbuurt dien as 'n soort maatstaf waarvolgens die aard en omvang van dwelmmisbruik beskou moet word. Dus, hoewel hierdie studie konsentreer op leerders in sekondêre skole wat dwelms misbruik, en die invloed daarvan op die leerders se skoolleer, kon dit nooit los van die leerders se woonbuurtekonteks en sosioruimtelike invloede bestudeer word nie.

Sosiale ewels in die woonbuurte het duidelik 'n groot invloed op die leerders se dwelmmisbruik gehad. Die studente se uitlatings oor die invloed van dwelm- en bendebedrywighede in die woonbuurt dui op haglike lewensomstandighede in hulle leefruimtes, wat hulle soms moedeloos stem. Uit die navorser se gesprekke met hierdie respondente het duidelik geblyk dat hulle sosiale omgang dikwels tot kontak met dwelmhandelaars en ander negatiewe kenmerke van die sosiale ruimtes in hulle woonbuurtes gelei het.

Interessant genoeg is die leerders se dwelmprobleme nie net deur sosio-ekonomiese faktore beïnvloed nie (Bennett 2010), maar het dit ook tot 'n verdere verslegting in sosio-ekonomiese omstandighede gelei deur 'n verdere toename in dwelmverwante oortredings en dwelmprobleme in die omgewing van die skool te veroorsaak (Keene 2001, 2007). Hierdie

toenemende dwelmverwante oortredings en dwelmprobleme het op sy beurt 'n negatiewe effek op die skool namate nog méér jeugdige sagte teikens vir dwelmhandelaars word.

Die aard van die dwelmprobleem blyk van leerder tot leerder te verskil. Sommige leerders het net dagga gebruik, ander net tik gebruik, terwyl party albei verkies het. By sommige leerders kan 'n mens die dagga ruik; by ander wat ook dagga gebruik, is dit reukloos.

Volgens skoolhoof B het die omvang van dwelmmisbruik in sekondêre skole toegeneem deurdat al hoe jonger leerders hulle daaraan skuldig maak. 'n Ander opvoeder beweer dat die omvang van dwelmmisbruik in skole nie akkuraat bepaal kan word nie, omdat skole nie van alle gevalle bewus is nie. Die omvang van dwelmmisbruik kan slegs bepaal word aan die hand van aangemelde gevalle. Die respondente bevestig ook dat hulle hetsy in die klas geslaap het of die klas gedurig ontwrig het.

Die navorsingsdata onthul dus dat die karige riglyne in die nasionale beleid oor dwelmmisbruik in skole geensins toereikend of relevant genoeg is om die werklike aard en omvang van die probleem te hanteer nie. Trouens, die beleid roer dit nie eens aan nie. Die beleidsriglyne neem geensins in ag dat dwelmmisbruik eerstens nie noodwendig sy oorsprong by die skool het nie, maar in die leerder se huis en leefomgewing ontstaan, in baie gevalle deels weens 'n gebrek aan behoorlike ontspanningsgeriewe in die gemeenskappe. In hierdie, dikwels haglike, omstandighede word die dwelmprobleem verder aangehelp en brei die omvang daarvan dermate uit dat dit tot verdere dwelmverwante oortredings lei, meestal strafregtelike oortredings om die dwelmbehoefte te bevredig. Die negatiewe uitwerking van hierdie toename in misdadige gedrag in die omgewing spoel onvermydelik na die skool oor. Voorts hou die beleid nie daarmee rekening dat nuwe gevalle daaglik aangemeld word en dat dwelmhandelaars al hoe jonger kinders in hulle visier kry nie. Die beleid verloor ook uit die oog dat leerders wat dwelms gebruik, al hoe meer gesofistikeerd raak en maniere vind om hulle dwelmgewoonte weg te steek, wat die bekamping van dwelmmisbruik deur skole (via die nasionale beleid) haas onmoontlik maak.

5.3 Hoe leerders se dwelmmisbruik die funksionering van die twee skole raak

Omdat skole sleutelinstellings in enige gemeenskap is, kan die skool nie in isolasie van die gemeenskap staan nie. Dit wat in die gemeenskap gebeur, sal onvermydelik na die skool oorspoel en die skool raak. Die dwelmprobleem onder skoolleerders is geen uitsondering nie. 'n Leerder wat dwelms gebruik, kan 'n leerder wat nie dwelms gebruik nie negatief beïnvloed. Dwelmmisbruik lei immers tot antisosiale gedrag, wat klasaktiwiteite kan ontwrig.

Indien opvoeders sodanige leerders aanspreek, is hulle geneig om terug te praat. Aangesien opvoeders altyd in gedagte moet hou dat die wet die leerder se regte beskerm, is die opvoeder wat dissipline wil handhaaf se hande inderwaarheid afgekap. Voorts lei dwelmmisbruik ook tot verbandhoudende misdaad, wat na die skool oorspoel en bydra tot 'n gebrek aan 'n leerkultuur. Die opvoeder moet egter 'n verslag skryf oor wat hy of sy gedoen het om die betrokke leerder te help, omdat die Onderwysdepartement verwag dat 'n sekere persentaie leerders aan die einde van die jaar moet slaag. Sommige dwelmafhanglike leerders verdwyn egter van die skool om hulle dwelmbehoefte elders te gaan bevredig. Hierdie gereelde afwesigheid het 'n negatiewe invloed op die leerders se skoolleer, en gevolglik die skool se slaagpersentasie. Wanneer een skakel in die ketting meegee, lei dit daarom baie maklik tot die wanfunksionering van die hele skool.

Die meeste deelnemers met wie onderhoude gevoer is, erken dat hulle nie weet hoe om op te tree in omstandighede waar dwelmmisbruik betrokke is nie. Hierdie onkunde is deels daaraan te wyte dat dwelmmisbruik nie sy oorsprong by die skool het nie, maar in die leerder se onmiddellike omgewing, waar dwelms maklik bekombaar is. Tog kan die skool nie 'n leerder wegwys as gevolg van die omgewing waaruit hy of sy kom nie, maar bepaal die wet dat die leerder die reg het om die skool naaste aan sy huis by te woon.

Dit is duidelik dat alles wat in 'n gemeenskap gebeur, na die skool in daardie gemeenskap kan oorspoel, synde 'n kerninstelling van die samelewing. Veral antisosiale gedrag soos dwelmmisbruik deur leerders blyk die funksionering van die twee skole in hierdie studie negatief te beïnvloed. Eerstens lei dit tot dissiplinêre probleme in die klas en op die skoolterrein, en word

opvoeders se taak om dissipline te handhaaf bemoeilik deur die wet, wat dikwels leerders se regte bo enigiets ander stel. Tweedens takel dit enige leerkultuur in die skool af. Omdat die wet van skole vereis om 'n sekere slaagpersentasie te behaal, slaag leerders makliker – ook diegene wat dwelms gebruik – en bly leerders ook maklik weg van die skool, sonder enige nagevolge. Dié negatiewe uitwerking op skole word vererger deur opvoeders se gebrekkige kennis van dwelms en die korrekte hantering van situasies waarby dwelms betrokke is.

5.4 Skoolbeheerliggame en skoolbestuurspanne se houding jeens én vertolking en implementering van die beleid oor dwelmmisbruik in skole

Alle deelnemers was dit eens dat die beleid oor dwelmmisbruik slegs teoreties is, en nie prakties implementeerbaar nie. As sodanig, is die beleid nie toereikend om die werklike omvang van die probleem van dwelmmisbruik in sekondêre skole die hoof te bied nie. Tog dupliseer die meeste skole bloot die riglyne in die Skolewet, plaas die skoolwapen boaan en maak dít die skool se interne beleid oor dwelmmisbruik. Dit veroorsaak reeds 'n beleidsgaping, aangesien die teoretiese realiteit waarop die beleidsriglyne geskoei is en die praktiese realiteit waarbinne dit toegepas moet word, hemelsbreed verskil. Die voorwaartse en terugwaartse kartering (Elmore 1980) ontmoet mekaar dus nie.

Volgens Elmore (1980) moet die implementering van die beleid, byvoorbeeld oor dwelmmisbruik die leerder wat dwelms gebruik, ondersteun en met professionele hulp bystaan. Hulp moet verkry word van kundiges wat deur die onderwysstelsel voorsien word, byvoorbeeld skoolsielkundiges en skool- maatskaplike werkers. Die beleid bepaal dus dat hierdie kundiges professionele hulp aan leerders voorsien om sodoende hulle probleem te bowe te kom. Weens ernstige tekorte in die stelsel, wat die Onderwysdepartement se dringende aandag verg, vind dit egter nie plaas nie. Gevolglik moet leerders wat dwelms gebruik meestal lank vir professionele hulp wag. Sommige leerders verlaat ook die onderwysstelsel juis omdat hulle nie professionele hulp vir hulle verslawing ontvang het nie. Skoolsielkundiges en skool- maatskaplike werkers het boonop omvattende bedieningsgebiede, wat hulle werk bemoeilik om leerders van hulp van gehalte te voorsien. Nogmaals ontmoet die voorwaartse kartering (dat kundiges binne die stelsel hulp aan

dwelmafhanglike leerders moet voorsien) nie die terugwaartse kartering nie (tekort aan menslike hulpbronne en 'n te swaar werkklas) (Elmore 1980).

Die skoolbestuurspan (onder leiding van die hoof) en die skoolbeheerliggaam speel verskillende rolle in die funksionering van 'n skool, welke rolle in die Skolewet uiteengesit word. In die vervulling van daardie rolle is dit ook belangrik dat die twee partye saamwerk om die skool se belange te bevorder. In die hantering van dwelmmisbruikers op skool toon hierdie studie egter dat die skeidslyne tussen skoolbestuurspan en skoolbeheerliggaam vervaag en dat elkeen bepaalde rolle aanneem na gelang van die omstandighede in die skool en hulle eie vertolking van die dwelmbesleid. Hierdie benadering blyk gemengde sukses te hê.

Volgens die skoolbeheerliggame en skoolbestuurspanne was hulle doeltreffend wat betref die manier waarop daar opgetree moet word in gevalle van dwelmmisbruik onder leerders (soos deursoeking en toetsing). In hierdie opsig blyk die voorwaartse kartering (die beleidsriglyne oor deursoeking en toetsing) die terugwaartse kartering (skole se voldoening aan hierdie riglyne) te ontmoet (Elmore 1980). Albei skole beweer ook dat hulle die leerders se belange eerste stel. Sodoende het hulle die wil openbaar om die probleem binne hulle kontekste te hanteer, en was hulle as't ware 'medeskeppers' van beleid. Gedurende verhore het hulle nie toegelaat dat die leerders se omstandighede die uitkomst van die verhoor bepaal nie. Die twee skole gebruik die Skolewet as rigtingwyser in die opstel en implementering van ál hulle beleide – ook vir die hantering van enige dissiplinêre verhoor. Ook in hierdie opsig ontmoet die voorwaartse kartering (die beleidsriglyne oor 'n billike dissiplinêre verhoor) dus die terugwaartse kartering (die hou van billike verhore op grondvlak) (Elmore 1980), en word elke leerder wat met dwelms deurmekaar raak 'n kans op 'n billike dissiplinêre verhoor gegun.

Tog beweer die respondente dat presies die teenoorgestelde gedurende dissiplinêre verhore gebeur het. Leerderrespondente gee byvoorbeeld te kenne dat hulle 'n kans op 'n billike verhoor ontnem is omdat hulle dwelms gebruik het. Een beweer dat hy toegang tot die skoolperseel verbied is nadat hy met dwelms op die skoolterrein betrap is. Volgens hierdie respondent is daar ook geen dissiplinêre verhoor gehou nie en moes hy die skoolterrein summier verlaat. Dit is glo

aan hom duidelik gemaak dat die skool nie die tyd óf geduld het vir leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak nie. Dít dui weer daarop dat die voorwaartse en terugwaartse kartering nie in alle gevalle ontmoet nie (Elmore 1980).

Verder opmerklik is dat die betrokke hoofde nie gedurende die dissiplinêre verhore die beleid oor dwelmmisbruik aan die ouers of leerders verduidelik het nie. Die hoofde het ook nie na hulle skole se interne beleide oor dwelmmisbruik verwys nie, maar bloot die riglyne van die Skolewet. Daarbenewens het die panele wat die dissiplinêre verhore behartig van leerders wat dwelms gebruik het, minimale kennis van die beleid oor dwelmmisbruik. So 'n situasie waar hoofde die meeste van die praatwerk doen en steeds as regter by dissiplinêre verhore optree, dui op nóg 'n teenstrydigheid tussen die voorwaartse en terugwaartse kartering (Elmore 1980).

Ter samevatting blyk dus dat omdat die beleid oor dwelmmisbruik slegs teoretiese riglyne voorskryf, skole dit vertolk soos hulle goeddink. Skole stel ook nie hulle eie konteksspesifieke beleide aan die hand van die riglyne in die Skolewet op nie, maar dupliseer bloot die riglyne in die Skolewet, wat 'n beleidsgaping veroorsaak gedurende implementering. Die beleid bied ook nie die probleem die hoof nie, maar skryf slegs voor hoe daar opgetree moet word indien 'n leerder met dwelms betrap word. Die tekort aan deskundige hulp op die gebied van dwelmmisbruik veroorsaak dat leerders nie voldoende bystand van die skool en Onderwysdepartement ontvang nie. Boonop het skoolbeheerliggame en skoolbestuurspanne nie veel kennis van die beleid oor dwelmmisbruik nie en maak grotendeels staat op die onderskeie skoolhoofde. Hierdie tekort aan kennis veroorsaak uiteenlopende behandeling van leerders gedurende dissiplinêre verhore en inkonsekwente implementering van die beleid oor dwelmmisbruik. Gevolglik word sommige leerders billik hanteer en ander nié, en verlaat van die leerders die skool, hetsy weens 'n gebrek aan bystand of die skending van hulle reg op 'n billike dissiplinêre verhoor.

5.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar deur die ontleding van die navorsingsdata lig gewerp op die aard en omvang van die dwelmprobleem onder leerders in sekondêre skole, en die effek daarvan op die funksionering van skole. Dit blyk dat die aard en omvang van die probleem in sekondêre skole in baie gevalle nie akkuraat bepaal kan word nie, omdat die probleem veel verder as die skool strek

en dikwels uit hulle woonbuurt- en sosioruimtelike konteks voortspruit. Die leerders wat dwelms misbruik, belemmer die funksionering van die skole deur dissiplinêre probleme te veroorsaak en die leerkultuur af te takel.

Hierna het die klem van die dataontleding verskuif na skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame se toepassing van die beleid oor dwelmmisbruik in skole, wat aan die hand van Elmore (1980) se voorwaartse en terugwaartse kartering beskou is. In heelwat opsigte is die aanvanklike twee hipoteses bevestig, naamlik dat beheerliggame en ander skoolrolspelers onvoldoende toegerus is om dwelmafhanglike leerders korrek te hanteer, en dat daar 'n beleidsgaping bestaan.

Die ontleding bring 'n duidelike teenstrydigheid tussen die voorwaartse en terugwaartse kartering van die implementering van die beleid oor dwelmmisbruik in skole aan die lig. Aangesien die Onderwysdepartement se beleidsriglyne nóg die probleem werklik die hoof bied nóg ruimte laat vir insette van die implementeerders (skole), ontstaan daar 'n gaping tussen die beleidsriglyne en die praktiese implementering daarvan. Weens onduidelikhede en vaaghede vertolk skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame die beleid elkeen op 'n verskillende manier. Boonop is die skoolbestuurspan en skoolbeheerliggaam nie daartoe in staat om die beleid oor dwelmmisbruik in skole korrek te implementeer nie vanweë 'n tekort aan kennis oor nasionale skoolbeleide. Gevolglik word die skoolhoof se vertolking van die beleid meestal op opvoeders afgedwing.

Uit die voorafgaande dataontleding blyk daar duidelike tekorte te wees in die nasionale beleidsriglyne oor dwelmmisbruik in skole, sowel as die vertolking en implementering daarvan in sekondêre skole. Weens die ontstellende afmetings wat die dwelmprobleem onder leerders die afgelope jare aangeneem het, is dit van die allergrootste belang dat hierdie tekorte dringend aandag ontvang.

Hoofstuk 6 :

Gevolgtrekking en Samevatting

In 'n poging om by te dra tot navorsing oor hoe skole leerders wat dwelms misbruik, hanteer, het hierdie studie ondersoek hoe sekondêre skole die nasionale beleidsriglyne oor dwelmmisbruik vertolk en implementeer, sowel as die impak daarvan op die leerders se skoolleer. In die loop van die studie wou die navorser ook twee hipoteses toets, naamlik dat skole die nasionale beleid oor dwelmmisbruik inkonsekwent toepas, en dat skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame nie goed toegerus is om dwelmafhanglike leerders korrek te hanteer nie.

Die literatuurstudie wat in hoofstuk 2 beskryf is, het die teoretiese begronding en raamwerk vir die navorsing gebied. Dit het onder meer lig gewerp op die omvang van dwelmmisbruik onder leerders sowel as die faktore wat tot dwelmmisbruik onder leerders in sekondêre skole bydra, sowel as die bepaalde wets- en beleidsbepalings oor dwelmmisbruik in skole in Suid-Afrikaanse verband. In die literatuurstudie is die analitiese metode van voorwaartse en terugwaartse kartering ook as gekose metode vir hierdie studie toegelig.

Die gebruik van 'n kwalitatief-vertolkende navorsingsontwerp, soos dit in hoofstuk 3 uiteengesit word, het die navorser in staat gestel om die kwessie van dwelmmisbruik in sekondêre skole, en die hantering daarvan deur skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame, in die natuurlike omgewing van dié verskynsel te ondersoek – naamlik by die skole waar die dissiplinêre verhore van dwelmgebruikers plaasvind. Die semigestruktureerde onderhoude wat met studiedeelnemers gevoer is, het hulle unieke ervarings en vertolkings met betrekking tot die beleid oor dwelmmisbruik en hulle beleving van dissiplinêre verhore na vore gebring. Sodoende kon die navorser die leefwêreld van die verskillende respondente verstaan en beskryf.

Die tematiese data-aanbieding in hoofstuk 4 het heelwat ooreenkomste in die agtergronde van die twee skole se leerders aan die lig gebring, sowel as dat die leerders in hulle leefwêreld daaglik met dwelms in kontak kom. Die data dui voorts daarop dat die skole nie die aard en omvang van dwelmmisbruik onder leerders kan bepaal nie, omdat dit veel verder as net die skool strek, en nuwe gevalle byna daaglik voorkom. Die skole het aangedui dat die beleid oor dwelmmisbruik nie voorsiening maak vir die werklike omvang van dié probleem in sekondêre

skole nie en slegs riglyne bied oor hoe daar gedurende die visentering en toetsing van leerders opgetree moet word. Die data toon voorts dat skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame gedurende dissiplinêre verhore grootliks op skoolhoofde se mening staatmaak vanwêe hulle eie gebrek aan kennis oor skoolbeleide in die algemeen. Hierdie onbevoegdheid en tekort aan kennis veroorsaak dat leerders wat dwelms misbruik inkonsekwent hanteer word.

Die dataontleding in hoofstuk 5 het aangedui dat die beleid oor dwelmmisbruik nie korrek geïmplementeer kan word nie as gevolg van wesenlike teenstrydighede in die voorwaartse en terugwaartse kartering daarvan. Uit die ontleding kom na vore dat die aard en omvang van dwelmmisbruik in sekondêre skole gedurig verander en vererger. Dít is een van die belangrikste redes waarom die omvang van die probleem nie akkuraat bepaal kan word nie. Verdere ontleding toon ook dat leerders se dwelmmisbruik skole se funksionering negatief raak deur dissiplinêre probleme te veroorsaak en die leerkultuur te vernietig. Opvoeders is ook nie daartoe in staat om leerders te hanteer wat dwelms gebruik of onder die invloed van dwelms skool toe kom nie, want hulle word nie daarvoor opgelei of toegerus nie. Die ontleding bevestig ook dat die Onderwysdepartement weens sekere tekorte in die stelsel ver te kort skiet in die verlening van hulp aan leerders wat hulle aan dwelmmisbruik skuldig maak. Skoolbeheerliggame is oënskynlik nie in staat daartoe om dissiplinêre verhore te lei nie, omdat hulle oor min kennis van onderwysbeleide in die algemeen, en die beleid oor dwelmmisbruik in die besonder, beskik. Gevolglik plaas skoolbeheerliggame en skoolbestuurspanne dikwels alle mag in die hoof se hand. By dissiplinêre verhore speel sommige hoofde steeds die rol van aanklaer én regter, en hanteer hulle die hele verhoor soos hulle dit goeddink. Dít veroorsaak dat die gekose skole die beleid oor dwelmmisbruik inkonsekwent vertolk en implementeer, en dat nie alle dwelmafhanklike leerders 'n regverdige verhoor kry nie.

Uit die studie blyk dat daar wél in verskeie opsigte 'n gaping tussen die Onderwysdepartement se beleidsriglyne oor dwelmmisbruik op skool en die praktiese implementering daarvan op skoolvlak bestaan. Dit is duidelik dat die beleid opgestel is sonder inagneming van die volle aard en omvang van dwelmmisbruik in sekondêre skole. Tog dupliseer skole dikwels die nasionale beleid, sonder om 'n meer kontekstspesifieke, interne beleid aan die hand van die nasionale riglyne op te stel. Derhalwe slaag die beleide nie daarin om op die werklike probleem te reageer nie. Weens hierdie beleids gaping vertolk en implementeer die gekose skole en hulle

beheerliggame die voorskrifte oor die hantering van dwelmmisbruik in skole verskillend, en word leerders as gevolg daarvan uiteenlopend behandel, dikwels ten koste van hulle voortgesette skoolleer. Die beleidsgaping alleen kan egter nie as rede voorgelê word vir die uiteenlopende hantering van leerders wat dwelms misbruik nie. Die studie bevestig ook dat beheerliggaamlede en skoolbestuurspanne in baie gevalle onvoldoende en swak ingelig is oor beleidsinhoud, en nie opgewasse is om die dissiplinêre verhore van hierdie leerders te lei en die leerders 'n billike kans op verdere leer te bied nie.

Geen beleid sal ooit die volle antwoord vir samelewingsvraagstukke soos dwelmmisbruik bied nie. Waar beleid egter bestaan, veral oor so 'n ernstige probleem soos dwelmmisbruik onder skoolleerders, moet daar verseker word dat dit afgestem is op die praktiese realiteit en die werklike omvang van die probleem. 'n Gaping tussen beleid op papier en die praktiese implementering daarvan maak 'n reeds kwesbare skoolgemeenskap selfs méér kwesbaar in die toepassing van orde. Skole is allereers opvoedkundige instellings; hulle is nie regskenner of wetstoepassers in die hantering van leerders wat met dwelms betrap word of onder die invloed van dwelms skool toe kom nie. Skole is egter ook onlosmaaklik deel van hulle omringende gemeenskap, en moet in staat wees om dit wat in 'n gemeenskap skeefloop, te hanteer. Tans is beheerliggame en skoolbestuurspanne, wat die probleem van dwelmmisbruik onder leerders moet hanteer, nie spesifiek daarvoor toegerus nie.

Tweedens behoort die onderwysowerhede die beleidsriglyne oor dwelmmisbruik op skool te hersien om 'n meer proaktiewe beleid te formuleer wat op die werklike omvang van die probleem geskoei is en die werklike oorsake van dwelmmisbruik deur sekondêre leerders die stryd aansê. Alle skole is desperaat vir 'n eenvoudige dog doeltreffende stelsel om hulle leerders te help wat in die dwelmstrik vasgevang is.

Bibliografie

- Baldredge, J., Deal, T. & Ancell, M. (1975) *Managing Change in Educational Organizations*. Mc Cutchan PC; United States of America
- Ball, S.J. ((1990). *Politics and Policy Making in Education; Explorations in Policy Sociology*: Routledge
- Ball, S.J. (1994). *Education Reform; A critical and post-structural approach*: Open University Press
- Ball, S.J. (2012). *How Schools do Policy; Policy Enactments in Secondary Schools*: Roudledge; London and New York
- Ball, S.J. (1990). *Politics and Policy Making in Education; Explorations Sociology in Policy* : Routledge
- Barbie, E. en Mouton, J. (2001). *The practice of Social Research*. OXFORD, South Africa
- Barret, J. (1986). *Drug Abuse. Prevention Strategies for Schools*. ERIC Digest 17, Clearinghouse on Teacher Education Washington D. C
- Besley, T. (2002). *Counseling Youth. Foucault, Power, and the Ethics of Subjectivity*. Praeger; London: England
- Christie, P. (1982). *The Right to Learn; The Struggle for Education in South Africa*: National Book Printers, Cape Town.
- Christie, P. ((2008). *Opening the Doors of Learning*. Heinemann, South Africa
- Christie, P. (1991). *The Right to Learn.The Struggle for Education in South Africa*. Ravan Press; South Africa
- Coleman, J. & Hagell, A. (2007). *Against the Odds. Adolescence, risk and resilience*.
- De Miranda, S. (1987). *Dwelms en Dwelmmisbruik in Suid Afrika*. J. L. Van Schaik (Edms) Bpk, Pretoria, Suid Afrika
- Dolby, N.E. (1964). *Constructing Race: Youth, Identity and Popular Culture in South Africa*. New York: York Press
- Donald, J. & Rattansi, A (1992). " *Race*", *Culture en Difference* London: SAGE Publications Ltd.
- Education Labour Relations Council- *Education Law and Policy Handbook*. Revision Service No. 4 (March 2003)
- Education Labour Relations Council- EMPLOYER FUND (2003). *Education Law and Policy Handbook*. Juta; South Africa

Fataar, A. (2010). *Education Policy Development in South Africa's Democratic Transition*. Stellenbosch:Sun Media

Fisher, G.L. & Harrison, T.C. (2013). *Substance Abuse*. Information for School Counselors, Social Workers, Therapist and Counselors: Pearson, Boston

Flick, U. (2007). *Designing Qualitative Research*. SAGE Publications ; London

Goldberg T, (1999). *Demystifying Drugs. A Psychosocial Perspective*. MacMillan Press, London

Henning, E., Van Rensburg W en Smit B (2004). *Finding your way in qualitative research*. Van Schaik Publisers. Pretoria, South Africa

Heystek, J. (2004). *School governing bodies. The principal's burden or the light of his or her life?* South African Journal of Education: Volume 2

Hitzeroth, V.E. & Kramer, L. (2010). *Die Einde van Verslawing. Hoe om verslawing aan dwelm en drank te oorkom*. Human en Rousseau. Kaapstad, Suid Africa

John, W. & Sons Ltd. *The Atrium, Southern Gate*, Chichester, West Sussex, England

Jonhson, B. & Christensen, L. (2008). *Educational Research. Quantitative, Qualitative and Mixed Approchers*. SAGE Publications; London

Keene, J. ((2010). *Understanding Drug Misuse. Models of Case Control*.Palgrave Macmillan; New York

Kirk, J. & Miller, M.L. (1986). *Reliability and Validity in Qualitative Research. Qualitative Research Series Volume 1*. SAGE Publications, Inc. United States of America

Kok, E. (2004). *Voorkomingprogramme vir Middelmisbruik deur Hoërskoolleerders: Riglyne vir Maatskaplike Werkers*. Sun Media, Stellenbosch, South Africa

Lichtman, M. (2011). *Understanding en Evaluating Qualitative Educational Research*: SAGE Publications, Inc.

Lichtman, M. (2006). *Qualitative Research in Education. A User's Guide*. SAGE Publications, Thousand Oaks; London

Lichtman, M. (2011). *Understanding and Evaluating Qualitative Educational Research*. SAGE publicatons, Inc

M c Millan, J.H. & Schumacher, S. (2001). *Research in Education: A Conceptual Introduction*. Addison Wesley Longman, Inc.

- Maree, L.M. (1995). *Die onderwys onder 'n nuwe grondwet. 'n Inleiding*. Nasionale Boekdrukkery. Kaapstad
- Marshall, C. & Rossman, G. B. (1989). *Designing Qualitative Research*. SAGE Publications, Inc. London
- Marshall, C. & Rossman, G. B. (2011). *Designing Qualitative Research, Fifth Edition*. SAGE Publications, Inc. London
- McNay, I. & Ozga, J.(1985). *Policy – Making in Education. The Breakdown of Consensus*. Pergamon Press; Oxford
- Merriam, S.B. (1998). *Qualitative Research and Case Study Applications in Education*. Jossey-Bass; San Francisco
- Miller, W.R. & Carroll, K.M. (2006). *Rethinking Substance Abuse. What the Science shows and what we should do about it*. The Guilford Press, New York
- Moloi, K.C. (2005). *The School As a Learning Organisation. Reconceptualising school practices in South Africa*. Second Edition. Van Schaik; Pretoria, South Africa
- Motala, E. & Pampallis, J. (2001). *Education en Equity. The Impact of State Policies on South African Education*.vHeinemann ; South Africa
- Mphela, M. (2005). : *School Governing Bodies: Rights and Responsibilities*: editors: Brian Ramadiro and Salim Vally: [www. Google.com](http://www.Google.com)
- Neuman, W.L. (2011). *Social Research Methods. Qualitative and Quantitative Approaches. Seventh Edition*. Pearson, Boston
- Niesche, R. (2011). *Foucault and Educational Leadership. Disciplining the principal*. Routledge; London and New York
- Norman, D.K, & Lincoln, Y.(2011). *The SAGE handbook of Qualitative Research*. SAGE Publications Ltd; London
- Oosthuizen, I. (2010). *A Practical Guide to Discipline in Schools*. Van Schaik Publishers, Pretoria
- Oosthuizen, I.J. & Rossouw, J.P. & De Wet, A. (2004). *Inleiding tot die Onderwysreg*. Van Schaik Uitgewers, Pretoria
- Perusse, R. & Goodnough, G. (2004). *Leadership, Advocacy, and Direct Service Strategies For Professional School Counselors*. Thomson; Australia
- Punch, K.(2005). *Introduction to Social Research. Quantitative and Qualitative Approaches*. SAGE Publications ; London

- Rose, S.O, (2010). *What is Gender History* ; UK: Polity Press
- Rossouw, T. (2012-2013). Toevlug. *Sentrum vir Alkohol -& Dwelmafhanglikhied. Jaarverslag-Annual Report*. Badisa; Worcester, Suid Africa
- Savin-Baden, M. & Major, C. H. (2010). *New Approchers to Qualitative Research: Wisdom and Uncertainty*. Routledge; London and New York.
- Shuman, S.L. (2004). *Teaching as Community Property: Essays on Higher Education* : Jossey –Bass
- Spencer, S. (2006). *Race and Ethnicity:Culture, Identity and Representation*. Oxon: Routledge
- The SAGE Handbook(2008). *Social Research Methods. Paperback Edition*. SAGE Publications Ltd; London
- Truter, L.C. (2013). *Die Asseseringspraktyke van Laerskoolopvoeders in Respons tot die Verwagtinge van die Nasionale Kurrikulumverklaring*. Tesis vir M Ed in Opvoedkunde. Universiteit van Stellenbosch: Suid Afrika
- Understanding School Governance : Manual 1: *Introduction to School Governance*: Department of Education and Culture
- Van Wyk, C. & Marumoloa, M. (2012). *The Role and Functioning of School Management Teams in Policy Formulation and Implementation at School Level*: North West University
- Van Zyl, P. (1973). *Opvoedkunde Deel 1. Handleiding vir Beginnerstudente*.De Jong (Edms); Johannesburg, Suid Africa

Adendum:

Onderhoudsvrae

Titel: Sekondêre skole se hantering van leerders wat dwelms misbruik.

Onderhoudsvoerder: Michelle Adendorff

Studente nommer: 159 359 30

1.2.1 Hoofvraag: Hoe hanteer skole leerders wat dwelms misbruik?

Tema 1 en 2

Wat is die aard en omvang van die misbruik van dwelms deur leerders op geselekteerde skole?

- 1.1 Hoeveel leerders op die skole gebruik dwelms?
- 1.2 Watter maatreëls het die skole in plek om die omvang van dwelmmisbruik te bepaal?
- 1.3 Watter faktore dra daartoe by dat die omvang en grootte van dwelmmisbruik voortdurend verander?"
- 1.4 Hoe gereeld word besprekings gehou aangaande die aard en omvang van dwelmmisbruik op die onderskeie skole?
- 1.5 Hoekom neem leerders hul toevlug tot dwelms?

Die skool se hantering van leerders wat dwelms misbruik?

- 2.1 Hoe hanteer die skool die leerders wat hulle skuldig maak aan dwelmmisbruik?
- 2.2 Watter riglyne bied die nasionale beleid op dwelmmisbruik aan skole ten opsigte van dwelmmisbruik op skole?
- 2.3 Hoe hanteer die skool die leerders wat hulle skuldig maak aan dwelmmisbruik?
- 2.4 Watter stappe word deur die skool gevolg om die kind te help om sy probleem te bowe te kom?
- 2.5 Wat is die rol van die skoolsielkundige en maatskaplike werker in die proses?

Tema 3

Hoe die skool die Onderwysdepartement se beleidsriglyne oor dwelmmisbruik onder leerders ervaar, en of daar enige beleids gaping bestaan:

3.1 Hoe vertrou is u met die onderwysdepartement se beleid op dwelmmisbruik?

3.2 Watter maatreëls probeer die onderwysdepartement bereik met sy beleid op dwelmmisbruik?

3.3 Spreek die beleid op dwelmmisbruik die probleem op skoolvlak aan?

3.4 Watter rol speel die ouer in die beleid op dwelmmisbruik?

3.5 Hoe effektief is die onderwysdepartement in sy beleid op dwelmmisbruik op skole?

Tema 4

Die implementering van die beleid oor dwelmmisbruik in skole:

4.1 Hoe implementeer die skool die beleid op dwelmmisbruik?

4.2 Hoe vertrou is die skool in sy geheel met die beleid op dwelmmisbruik?

4.3 Word die beleid op dwelmmisbruik konsekwent in alle gevalle geïmplementeer, wanneer leerders hulle skuldig maak aan dwelmmisbruik?

4.4 Is die skool se interne beleid op dwelmmisbruik in lyn met die nasionale beleid op dwelmmisbruik?

4.5 Vind die leerdes wat hulself skuldig maak aan dwelmmisbruik baat by die huidige beleid op dwelmmisbruik soos opgestel deur die nasionale onderwysdepartement?

Tema 5

Hoe hanteer die skoolbeheerliggaam en skoolbestuurspan hierdie probleem?

5.1 Wat is die doel en funksie van skoolbeheerliggame en skoolbestuurspanne in sy geheel?

5.2 Is die skoolbeheerliggaam en skoolbestuurspan ten volle bemaagtig om die beleid op dwelmmisbruik of enige ander skoolbeleid tydens dissiplinêre verhore te implementeer?

5.3 Is die riglyne wat voorgestel word deur die Suid Afrikaanse skolewet in lyn met dit wat werklik in skole aangaan?

5.4 Hoe gereeld gaan die skoolbeheerliggame en skoolbestuurspanne vir werksinkels ten opsigte van skoolbeleide in sy geheel?

5.5 Wat is u mening rakende leerders op u onderskeie skole ten opsigte van dwelmmisbruik en hoe u dan die onderskeie situasies hanteer?

Tema 6

Die effek van die skool se hantering van dwelmmisbruik:

6.1 Op watter ouderdom het jy met dwelms begin eksperimenteer?

6.2 Watter tyd gedurende die dag was jy onder die invloed van dwelms?

6.3 Het jy dwelms gedurende skooltyd gebruik?

6.4 Wanneer het jou ouers en die skool uitgevind van jou dwelmprobleem?

6.5 Het jy en jou ouers enige kennis gedra oor die beleid oor dwelmmisbruik?

6.6 Hoe was die skool se optrede teenoor 'n leerder wat dwelmsmisbruik?